

MAART
1958


TYDSKRIF VIR

LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- Tot Lof der Sotheid
— deur Saul
'n Gorraboesmantjie en die
ou gous — deur S. J. du Toit
- 'n Vergete Bladsy —
deur Marcel R. Breyne
- Die „Geding met God”
— deur M. S. du Buson
Die Boomjare
— deur N. A. Coetzee
- Gedigte

JAARGANG 8 NOMMER 1




Sat van gewone vakansie?

Slaan dan dié keer 'n nuwe koers in en ontdek mooi Suid-Afrika. Die Spoorwegpadvervoerdiens reël toere van al die hoofsentrums af na die mooiste dele in ons land. Maak nie saak waar u woon, watter ryding u verkies, wanneer of waarheen u wil gaan nie, daar's 'n toer wat by u vakansietyd en beursie sal inpas. Besoek u naaste Spoorwegreisburo. Hulle sal u volledig inlig oor die talle toere, sorg dat al u reisreëlings in die haak en u hotelverblyf agtermekaar is. U plaaslike stasiemeester is ook 'n Reisburovertegenwoordiger.

S A S

TREINDIENS • PADVERVOERDIENS • REISBURO

VZ002708M



Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

•
Redakteur: ABEL COETZEE

•
Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
W. A. DE KLERK
M. S. B. KRITZINGER
B. KOK

Administrasie:
Mej. S. VICTOR
Posbus 57 - Northcliff

Intekengeld: 20/- posvry

•
JAARGANG 8

NOMMER 1

MAART — 1958

Inhoud

	<i>Bladsy</i>
TOT LOF DER SOTHEID, deur Soul	1
GEDIGTE, deur Eliz. C. M. du Toit	
D. F. Malherbe	
Anna Hollenbach	5
'N GORRABOESMANTJIE EN DIE OU GOUS, deur S.	
J. du Toit	17
GEDIGTE, deur Paul M. Bester	
J. P. Malan	
S. J. du Toit	19
'N VERGETE BLADSY, deur Marcel R. Breyne	25
GEDIGTE deur Jac. J. Brits	
Jan Schepens	
Jaak van den Iepe	
Fred Walewijn	30
DIE „GEDING MET GOD,” deur M. S. du Buson	39
GEDIGTE, deur J. M. Bouwer	
J. Raubenheimer	
David H. Steenberg	66
DIE BOOMJARE, deur N. A. Coetzee	70
OOR BOEKE	80
BOEKAANKONDIGING	82
KONGRES VAN AFRIKAANSE SKRYWERS	86
SKRYWERSAANGELEENTHEDE	87

Bladvulling: „Die opkoms van Afrikaans as literêre taal”
„Die onbekende Afrika”

SOUL:

Tot Lof der Sotheid

Gister het ek dit nog geweet.

Verlede week ook.

Maar gister en verlede week is so lank gelede — en tussenin het die Amerikaanse kunsmaan uiteindelik in sy baan geraak.

Intussen ook het ek die malligheid begaan om te kyk of daar miskien 'n verskil bestaan tussen twee dinge waarvan ek lankal weet dat daar geen verskil bestaan nie: die verskil tussen kunsprosa en poësie.

Sien, ek het 'n opstel van 'n agtenswaardige voorganger oor dié onderwerp gelees, en toe só gedink: Dit behoort tog maklik te wees om die twee sake steekhoudend te beskryf in 'n formule, net so maklik as wat dit is om ondubbelsinnig en sinvol te omskryf wat taal is!

Die opstel waarna ek verwys, begin met die juiste opmerking dat die verskil nie gesoek moet word in die aan- of afwesigheid van uiterlike dinge soos maat en rym nie. Suiwer rymende en prosodies korrekte reëls is dáárom nog nie poësie nie, en die gebrek daaraan bewys nog nie dat ons met 'n stuk prosa te doen het nie. Ook *gebondenheid* en *ongebondenheid* van styl is geen aanduiding van die verskil nie, want kunsprosa is eweveel gebonde as poësie.

Dan slaan die skrywer sommer 'n kortpad in en sê: Die verskil tussen poësie en prosa lê in die verhouding van die kunstenaar tot sy stof. Die digter en sy stof is van nature één; die digter hou hom meer besig met sy eie gevoelens en gedagtes; die ware digter *beskryf* nie die dinge van hierdie lewe nie, hy *skryf* hulle.

By prosakuns, andersyds, kry ons 'n sekere geskeidenheid van kunstenaar en onderwerp. Prosa is die weergawe van dinge buitekant ons soos hulle deur die kunstenaar waargeneem is. By prosakuns is die woorde nie die lewe self nie, maar die lewe lê gevange agter die woorde — deur die woorde word 'n atmosfeer geskep waaruit ons bewus word van die verdiepte en gesuiwerde lewe. In hierdie sfeer kan ons, sonder om die woorde self te onthou, na-geniet van wat gebeeld was; daarteenoor vereis poësie by elke genieting die aanwesigheid van die oorspronklike woord self.

Die skrywer vat sy gedagtes saam deur te sê dat in die artistieke aanleg van die kunstenaar self die oorsaak

gesoek moet word van die aanwending van prosa of poësie as uitingsvorm van die kuns.

Vir die oningewyde is dit nou so helder soos daglig! En dit is net 'n moedswillige mens wat gaan vra: Hoe moet ons dit dan verklaar dat jy heel selde 'n prosakunstenaar kry wat hom nie ook op die een of ander tydstip begaan het aan 'n gedig nie, of 'n digter wat hom aan prosa vergryp het nie? Moet ons hier 'n skommeling tussen twee artistieke persoonlikhede aanvaar — 'n soort geestelike gimnastiek?

Sowat almal erken dat die verskil tussen prosa en poësie nie lê in die aanwending van uiterlike vormsake van die taal nie. Dit lyk my nou ook gerade om die wesensaard van die kunstenaar uit te sluit as bron van die verskil.

Wat bly dan oor?

Dit, dat die kunswerk wat gedra word deur taal wesenlik dieselfde is en bly, of die uiteindelijke vorm daarvan die een of ander soort gedig of prosawerk is. Kunsskepping is 'n proses wat 'n verloop het met 'n beginpunt en 'n eindpunt. Dit hang maar af op watter ontwikkelingspunt die vaslegging in 'n woordvorm plaasvind.

Dis byna soos wynmakery.

Ná 'n hele jaargety van inspanning, van groei, van kweek en versorging, en na veel kommer oor wind en weer, breek die dag uiteindelik aan waarop die eienaar van die wingerd sê: More begin ons sny!

Dan is alles op die wynplaas meteens die ene rep en roer in die hoogste spanning. Vir oulaas word alles nog 'n keer nagesien, nie soseer omdat dit nodig is nie, maar om die spanning draaglik te maak tot more toe, want more-oggend, as dit lig genoeg is, gaan die plukkers met hulle mandjies vak vir vak in die wingerde in om die volrype vruggies in te samel. Van opwinding en blye verwagting kan die boer en sy gesin omtrent nie slaap daardie laaste nag nie. Dit kan dalk reent, en dan vrot die hele spul. Die spanning breek eers wanneer die eerste mandjies druiwe veilig ingemaal word en die nuwe druiwesap in die kuipe stroom. Dan word dit 'n weldadige, gestadige wroting wat die een kuip na die ander vul.

Maar so van die tweede, derde dag af begin daar by die eerste kuipe wonderlike dinge gebeur. Dit hang in die lug, 'n geur vol belofte, en as jy naby luister, met jou oor net vlak bokant die druiwesap, kan jy fyn spatgeluidjies hoor soos borreltjies wat broos onder uit die dieptes van die kuip opstoot en aan die oppervlakte snakkend breek.

Ai, hierdie ding moet jy proe! Jy drink. Dis nog druiwe, ja, maar dis klaar iets meer. Daar is 'n prikkeling op die

tong wat nog nie duidelik spreek nie, maar wat reeds groot dinge beloof oor 'n paar maande . . . 'n jaar . . . miskien 'n paar jaar as dit 'n wynjaar is. Jy vat hom nog nie reg nie, jy kan die kindjie nog nie 'n naam gee nie, maar hy is daar.

Een proe is nie genoeg nie. Om seker te maak, proe jy nog 'n keer, en nogeens. Later kom jy terug uit die hittige arbeid daarbuite en in die koelte kom jy nog 'n paar keer proe of jy jou nie deur jou tong of deur jou verwagting laat mislei het nie.

Die spul is mos aan die gis . . . of hoe?

So, proe-proe, raak jy naderhand aan die duisel, en as jy buite in die warm son onder die plukkers kom en opgewek en raserig deurmekaar begin gesels oor die mooi wyn wat aan die kom is so tussen die borrels deur, dan verstaan almal wat aan die gang is. Jy het aan die jongwyn geproe, en nou raas dit nog onhelder deur jou kop en jy raas saam. In die skemerdonker van die kelder het jy die verwesenliking van die arbeid van natuur en mens vorentoe in vae omlyning gewaar. Dit laat jou sing en somer raserig bedrywig word op die werf.

Nou is jy 'n digter, en wat jy sê is nog nie altyd duidelik nie omdat die dinge waaroor jy praat nog maar in vae omlyning in jou gees leef. Daarom word daar soms van jou gepraat as die **DUISTER DIGTER**, en daar word baie oor jou woorde gegis. Daar word beduie en uitgelê — dik boekdele vol. Dit kom omdat jy te veel jongwyn geproe het en toe het dit in jou kop geraas terwyl jy van pure malligheid probeer sing het oor wat jy anderkant die bult sien kom het.

Maar hierdie tydspunt gaan verby.

Die mos moet versorg en vertroetel word, die hittegraad moet konstant gehou word, skadelike invloede moet geweier word, en as die gisting uiteindelik verby is en die troebelstadium agter die rug is, dan lê die nuwe wyn rustig in die groot hout stukvate in die koel kelders om tot kalmte en besinning te kom.

In die kelders word die dae ongesteur omgedroom, ver weg van die skroeiende son en die skeurende wind af. Die spanning van verwagting is gebreek — nou het die rus gekom wat intree met sekerheid.

Na 'n jaar, soms na tien jaar kom daar dan 'n fles wyn, wat met verstand en oorleg ryp gemaak en versny is, op die skinktafel en die fynproewer ruik versigtig aan hom, speurend; hy neem so 'n klein happie en gooi hom met die tong rond in die mond van die een kant na die ander; aandagtig word dit weggesluk asof mens luister. Goed-

keurend word dan geknik: hier is 'n wyn met geur, met 'n liggaam, met gees, 'n wyn met 'n eie persoonlikheid wat gekoppel word aan die jaartal waarin hy gebore is. As jy 'n wynproewer is, dan weet jy: Daar was goeie werk gedoen, lankal gelede toe hierdie wyn getroetel is sodat hy nie asyn geword het nie. Hy is wyn.

Jy proe nogeens aan hom. Geen sweem meer dat jy hier nog druiwesap het nie. O nee. Jy proe wyn.

En as jy weer proe, proe jy die lewe.

En as jy aanhou proe, word daardie bitter nasmakie vir jou duidelik: jy proe naderhand die bitter van die dood.

As die wyn dan so langsamerhand in jou gaande word en in jou skouerknoppe begin werk en jy voel so effens luiërig warm om die ore, dan begin jy vertel van die lewe en die dood.

Nou is jy 'n prosakunstenaar. Die wyn wat so lank ongesteur in die stilte gelê en tot kalmte en besinning gekom het, het die sweet en die arbeid en die verwagting en die wanhoop van sy makers — die mens — tyd gelaat om te besink. Dis nie nou meer vae vorms wat anderkant die bulte vermoed word nie, dis nie troebelsappies waarin gisborrels die deursigtigheid afsny nie. Al daardie gisting en donkerheid het afgesak in die moer en die helder wyn gee vreugde en verdriet en wysheid en menslike sotheid — daarom moet jy dit versigtig proe, sulke klein happies wat jy nie eintlik wegsluk nie, maar wat sommer so ongemerk in jou ingly.

En as jy my nie wil glo nie, gaan drink jou dan 'n keer versadig aan mos, proe daarna goeie wyn, lees 'n bundel gedigte en betrag 'n goeie roman.

Soos ek gesê het: Verlede week, 'n jaar gelede het ek dit alles nog haarfyn geweet. Maar dit was vóór die koms van die kunsmane wat met weerkaatste glans die oë gelok het van die verblufte aardebewoners.

ELIZABETH C. M. DU TOIT:

O O R G A N G

In u Hand

*Aan U behoort ek. Vorm my.
Laat die blydskap uit my tap
soos die persrooi druïwesap
in die parskuip. Laat my ly,*

*noudat teerheid van die jeug
van groen loot tot wynstok breed
uitgespruit het. Ruk my wreed
met U wind. En stil my vreug!*

*Want ek weet: net U, my Heer,
gee my suiverder vorm weer.*

Nog is dit Somer

*Aanskou vandag die somertyd:
soet en ryk soos 'n ope roos!
Winter is koud en liefdeloos,
Lente vol wispelturigheid,
Herfs 'n jammerende bedelaar
in Somer se verflenterde mantel geklee,
maar: Somer, gulhartige Somer, gee
uit haar skat van blom en vrug en blaar,—*

*blouswart moerbeie, skarlaken aarbeie,
rooigeel perskes en goue appelkose,
kamperfoelie en purperrooi rose,
die gesoem van goudbruin heuningbye,
die geur van gras wat vars gesny is,
die reuk van stof wat nat is na die reën,
en 'n veldvoël, in die blou van die hemele allœen,
wat sy lied oor die vleie na onder verkwis.*

*In die Winter was alles doods en wit,
maar Lente het met haar skielike smart
knoppe laat swel en laat skeur in my hart,
en Somer het haar vrugte aan my takke gesit—
maar, ek weet dat Herfs in die skaduwees wag
om my skone lewensdrag te skaak,
en dat Winter wit soos die aandster waak
oor die onderworpe ruim van 'n kleurlose nag.*

Ephemera

*Heer, nou soos 'n skadu
beef ek stil voor U,
soos vae gryns wat sweewe
op die grond onder die blare
in herfs vergaan tot are.*

*Op die hol vallei se vloer,
geel en rooi in herfstyd, roer
stille mense, wat omgewe
van verganklikheid, hier deur
die saadswaar rooigras beur*

*Ek buig voor U, soos plante
op die verste ring van rante,
as oor hul stingels sweewe
die ou, geheime, wye
oorgang van getye.*

Wilde Ganse

*Streep van vlerke
oor die weste!
Donker pylpunt
teen die maan!
Wilde ganse
wat verbygaan!
Simbool van alles
aards wat staan
binne die oorgang
van die herfs
in die teken
van verbygaan!
Hulle ken die sterre,
wolke, nag.
Hulle roep die hart
se eensaamheid
teen die sterwe
van die dag.
Streep van vlerke
oor die weste.
Donker pylpunt
teen die maan.
Wilde ganse
wat verbygaan.*

Die Held

O Held! Wat vuur
van die hemel af bring,
beskerm is met 'n
towerring
wat tempeldeure
oop laat spring!
Wat draak oorwin,
wat reus laat sterf,
dan — op en oor
die aarde swerf,
sterk wil leef,
sterk wil sterf, O
Held!

Gevorm uit wilde
vuur en donder,
oerwoud se krag en
see se wonder, O
valk van glorie!
Leeu van wonder!
Ken jy, stralende
godekind,
die drifte wat òns
oog verblind,
angste wat ons
lede bind?

Oor gans die aarde
swerf hy aan;
elke vorm waarin
begeerte gaan,
kom voor sy
gelaat te staan.
In wil-tot-lewe
veg hy weer
om ook hiêrdie
te beheer:
hy verg van hartstog
méér en meer,
die Held!

Tot hy einde-
lik verstaan
dat hy nooit oor die grens
van begeerte kan gaan, —

immer skuiwe dit
vorentoe aan . . .
Kon selfs die Held
die onvermengbare bind?
Die onomvatlike binne
sy handpalms vind?
Die onversoenbare met sy
bloedstroom verblind, —
die Held?

En, alsó gaan die Held
óns grense verby.
Het ons gesigseinder
oorgeskry.
Sou ons berig
van sy trugkeer ooit kry?
Sou ons herken, sou ons weet:
„Dit is Hy, die Held?”

In die Mis

Dit is donker.
Orals mis.
Weet nie waar
'n rigting is.
O en wie
is jy, of wát,
om in die mis
my hand te vat?
Donker donker
mis en nag.
En, jou hand
so sag, so sag!
Hand, so warm
in my hand,
help jy my
tot anderkant?
Daar waar vorms
helder is,
weë sonder
tweespalt is?
Waar ek lig en
lewe wen,
en myself
volkome ken . . . ?
Of — wie
is jy, of wát,
om uit die mis my
hand te vat?

Lourdes

Wat is dit, blinde bedelaar, waarvan die water sing?
„Van een, van een, so arm en naak . . . Sy ken 'n koningin!”

Ag wat gaan een, gans arm en naak, van koninginne weet?
„O arm en naak en stomp van sin, maar dit bly onvergeet!

„Die ysrivier, die ruwe grot, die skare om haar heen,
die doringroos wat skud daarbo, die rotsgesig wat ween,

„die wilde water wat so roep — dit maak haar hart benoud!
Maar oor die dorings, in die rots, die: glorie en die goud!

„O arm en naak en stomp van sin, deur liefde ondergaan,
wys sy op die genesing wat op aarde nie bestaan . . .”

Goingsakhutjies

Goingsakhutjies
van modder en planke
skiet op soos bossies om die stad se grense:
en hierso woon
'n weggooispul —
sommer arm goed, agterklasmense!

Dis wonings buite
munisipale grense.
Die mans van die huis die pik op die pad.
Saans bring hulle één,
of twee stukke silwer
terug na 'n lang dag in die stad.

Hoenders en varke,
kinders en honde,
woel in die smal klein tuintjies rond;
so 'n warm en
ranke aroma
kleef aan die stukkies arm grond!

Snags maak hulle
misvuur binne;
soos oë wink dit uit tot die nag.
Een begin
ghitaar te tokkel;
stemme sing, of vloek, of lag.

*En daar is so baie
speekbeen-kindere
wat slaap, of teen die grotes aan leun,
vaak-vaak luister
na wat verhaal word
so onder die ghitaar se deun.*

*Op, uit elke
lendelum skoorsteen,
styg 'n rookpluim reg na bo;
en vure, dié
wink rondom, tussen
die nag se tallose sterre-oë.*

*Stem se val,
kind se droom,
snaar se sang, veryl
met die rooksuil
wat, rook van vonke,
op na die hemel toe peil:*

*op, na daardie hoogste
dak van die aarde,
so ryklik met wonder versier:
die purper fluweelkleed
met goubrokaat,
van sterre uitborduur.*

D. F. MALHERBE:

Die Brood

*Die Brood wat soveel duisend jaar
gewag het vir die blonde aar,*

*die Brood word in die kruit gewek
as donderreëns die lande dek,*

*en onder rypkomberse sal
hy buig en onder hael se val;*

*en ver verwyl die somer-uur,
en ver die aandra na die skuur.*

*Bleek stippie aan groot Horison
waar heel ons tydelikheid bron,*

*is aardse werke, dink en wens,
want waar ons son se daggie grens,*

*span Hy sy eie Orde-maat,
oneindig na Sy wyse Raad.*

*Dan jaag ons na die somermaand
se vrug en vrees koms van die aand.*

*Die oog wat deur die sluiergrou
op Nebo's kruin die toekoms skou,*

*sien hoe die skaar die lande braak
en swart miljoene vrugbaar maak,*

*sien reeds die Tyd se koring klim
uit vore aan die verre kim . . .*

*Die Brood wag soveel duisend jaar
geduldig vir die blonde aar.*

ANNA HOLLENBACH:

U Het Gesê

*U het gesê:
As julle in My Naam
'n Kind ontvang,
Ontvang julle My.*

*En ons is bang —
(Moet ons bely
Al is ons skaam?)
Ons wil geen kinders hé
in hierdie wrede tyd
Van onrus en onsekerheid.*

*U het gesê:
Verhinder hulle nie,
Maar laat die kindertjies.
Na My toe kom —
Vir sulkes is
Die koninkryk van God.*

*En ons bespot
En ons verneder Hom:
Ons wil bestis;
Ons mág geen kinders hé
In hierdie wrede tyd
Van onrus en onsekerheid.*

*U het gesê:
Wie nie my koninkryk
Soos 'n klein kind ontvang,
Sal daar nooit in kan gaan.
U arms het u liefderyk
Om die kindertjies geslaan,
En oor hul hofies seënend
U hande oopgehou.*

*Vergeef ons Vader ons ontrou!
Help U ons nou
Saam met ons kindertjies
U koninkryk uitbou.*

Herfs

*Noudat die dae korter word
En saans die skadus rek,
Is dit of elke nuwe dag
'n Weemoed by my wek.*

*'n Weemoed om getye
Wat stilswyend kom en gaan
'n Weemoed om die lye
Van ons kortstondige bestaan.*

VAKANSIE

Briewe

*Ek sien uit
Na die koms van jou briewe,
Soos 'n boer
Na die koms van die reën.*

*En soos reën aan die aarde
Lafenis bied,
Skep jou briewe in my
'n Ewige lied.*

Verlange

*Al jou briewe het ek nou
En elke aand 'n mooi Psalm.

Diep in die nag weergalm
Nog die see se lied in my,
Ek het jou briewe en die Psalms,
Maar waar, o waar is jy?*

Moment

*Dis stil by ons huis,
Net die see se gedruis
Soos die branders eers breek
En uitspoel oor die strand,
en dan terugtrek en wyk
Van die land, van die land.*

*Dis stil by ons huis,
Met die blink Suiderkruis
Wat ewiglik trou
En swygend waghou,
Verinnig die stilte —
En dink ek aan jou.*

Die Wonder.

*O Heer, waar ons in hierdie dae
Stil wag op die grote wonder,
Wil ons geheel en al vir ons
Met U afsonder,*

*Dat U ons voorberei
Na liggaam, siel en gees,
Om waardige tempels
vir 'n nuwe lewe te wees.*

*Ons wil vanaf die heel begin,
Ons kindjie aan U toevertrou,
Omdat ons weet dat U alleen
'n Lewe kunstig en volmaak kan bou.*

Vooruitsig

*Die koms van herfs het haar gebring
Waar sy so graag wou wees —
Sy wag met stille huiwering,
maar sonder vrees.*

*Die rustigheid van die gety
Het haar gemoed deur-rank,
Tog gaan die dae traag verby
en duur die nagte lank.*

*Die uur en dag
Van haar klein kind se koms
Is deur U reeds bepaal:
Vergeef haar as sy soms
Nie meer kan wag
Haar eersteling van U te haal.*

Gebed

*In hierdie tere dae
Waarin ek op vervulling wag,
Bid ek van U, o God, my sterkte en krag.*

*Ook in die later ure
Waaroor ek dikwels sit en peins,
Gee dat ek vir my plig as vrou nie terug sal deins:*

*En in die angstige minute
Waarin 'n nuwe lewe lig mag vind —
O God, hoor my gebed —
Skenk ons 'n welgeskape kind.*

Klein Poppekind

*Klein poppekind, jy hou jou besig
Met 'n blikkie, skulpies, ronde klippies en papier:
Vir jou is hierdie wêreld
Vol liefde en plesier.*

*En as jy groter word en raaksien
Ander dinge om jou heen?
Is dit dan 'n wonder
Dat jou moeder ween?*

*Nog later, as jy wil verstaan
En dikwels wonder oor die tyd,
Oor dood en lewe, oor jouself
En die hiernamaals, oor die ewigheid?*

*En eendag, as jy ondervind
Wat hierdie lewe bied?
Ook jy ontvang jou afgemete deel
Van vreugde en verdriet.*

*Speel voort, my kind, geniet jou spel,
Jou moeder waak en weet —
Die God van onse vaders
Sal ons klein kinders nooit vergeet.*

'n Druppel Dou

*Die sonskyn streef die blare sag,
Die dou weerkaats die lig:
O God, gee dat ek so my oog
Op u mag rig,
Dat as U lig in my neerdaal
My lewe self dit uit sal straal;
Dan móet die duister swig.*

*O God, U is die bron van lig,
Maak my — 'n druppel dou.*

S. J. DU TOIT:

*'n Gorraboesmantjie
en die ou Gous*

Ja, daar is byvoorbeeld die Gorraboesman, waarvan ek altyd geweet het, en dan die molwaentjie — of was dit 'n kar? — waaronder ons gesit het, twee buksies, my maat en ek. Dit was net so voor die Engelse Oorlog, of net daarna. Die plek en omgewing, die hele enscènering, kan ek my goed herinner. Toe het hy sy hand gelig en gewys: „Net so 'n ou Gorraboesmantjie” — 'n flentertjie van ons gesprek waar ek in my bewuste herinnering niks verder van onthou nie.

Ek het in die „kas” van Die Afrikaanse Woordeboek gesoek. Die „kas” is 'n sleutel wat vir 'n man op wonderbaarlike wyse die hede en die verlede ontsluit; maar die „kas” ken net Gonnaboesman en Gonnahottentot. Het Korneels hom miskien vergis die dag daar onder die kar, of was die vergissing myne? Daar was natuurlik in die ou tyd die Gonakwas, maar ook darem die Goragoukwas, Goringaikwas en Goringaikonas, almal Hottentotstamme, driehonderd jaar gelede aan die Kaap. Hoe dit sy, tot 'n klein veertig jaar gelede was daar in ons hele land blykbaar net twee mense wat die woord Gorraboesman geken het, my maat en ek. Nou is daar net een, want dit is al heelwat jare gelede dat ek eenkeer 'n sonnet aan hom gewy het wat so geëindig het:

Want oor jou graf, ou vrind,
waai sonder wierook nou die winterwind.

Ek sou oor sy ou Gorraboesmantjie ook 'n vers kan maak; want dit is juis oor sulke woordjies en dingetjies wat deur die tyd heen met affek gelaai raak, dat iemand gaan skryf wat die aanwensel aangeleer het om hom in ryme uit te druk. Sal ek probeer? Dit lok miskien 'n leser uit om ons te vertel dat daar êrens nog iemand is wat ook vir Gorraboesman ken. Sal ek? Kyk so:

Jy, Gorraboesman, jy en ek en hy
het, waar die son sy gifpylstrale sprei,
geskuil; wie sal ons glo, vir jou en my?

Ons het teen raam geleun van speek en wiel,
twee buksies en jy, Boesman sonder siel,
nie hoër as die kop van een wat kniel.

Ek sal die wat nooit weet van daardie dag
se kinderpraat en skerts en kinderlag,
want oor ou dinge sluit die blinde nag.

Hy slaap reeds lankal onder kerkhofgras,
jy is van die geslag wat nimmer was,
net ek 's nog aan die lewenswawiel vas.

Dan is daar nog altyd die „gous”. „Dis sommer 'n ou
gous,” het my moeder gesê, toe net so na 'n reëntjie die
„boomsingertjie” begin „fluiters” het. Het sy miskien gesê
of bedoel „gys”?

Die „kas' ken net gyse. Gys is die netjiese ou Afrikaanse
woordjie wat die volk, „die spraakmakende gemeente”, en
die digters vervang het met sonbesie en boomsingertjie vir
die ou sprinkaan. „Sonnebees” het ek 'n seuntjie eenkeer
hoor sê. Miskien is dié naam tog ook wel so oud as die
berge. Maar intussen bly daar *gous* en miskien êrens 'n
sterweling wat *gous* ook ken — hoor hoe raas die ou *gous*.

DIE ONBEKENDE AFRIKA

„Dit word soms in korswel beweer dat die Drakensberge
vir die Natallers en die Heksrivierberge vir die Bolanders
die uitsig op die res van die Unie versper. In dieselfde sin
sou ons kon beweer dat die Limpopo vir die deursnee Afri-
kaner tot onlangs nog te wyd was om die res van Afrika
raak te sien — en dit nieteenstaande die woorde „noord-
waarts!” groot en helder geskryf staan oor die blaai van
ons geskiedenis. Want die ou pioniers het in hulle noord-
waartse gang en strewe hulle weinig gesteur aan beper-
kende grense en verskeie, onder wie die bekende Carolus
Trichardt, het tot ver in die noordeliker gebiede ingedring.
Hierdie strewe was egter geensins gerugsteun deur 'n
teoretiese kennis van die geografiese en politieke, volke-
kundige en godsdienstige, kommersiële en ander aspekte
van die vasteland nie sodat die bereisde dele met hulle
mense en dinge teen die agtergrond van Afrika en sy plek
op die wêreldkaart besien en gewaardeer kan word nie.
'n Uiterste aanduiding hiervan was miskien dit, dat vir
baie die Nyl sy oorsprong kort anderkant Pretoria gehad
het en Jerusalem per ossewa vanaf die noordwestelike
grense van Transvaal bereikbaar sou wees.”—Prof. dr. J. H.
Coetzee in *Koers*, Jrg. XXV/3, Des. 1957, bl. 181-2.

PAUL M. BESTER:

Dood

As die dood stadig
Met sy klam kou vingers
Om jou liggaam syg,
Stadig klam en —
Koud
En die onbeskryflik
Helse vrees so
Stadig om jou vou —
Knellend en so —
Koud,
Die skeiding wat dit bring
Die : Joue agterlaat,
Die spyt !
. . . . Die mispoel in.
Dwarrelende beelde
En dan te laat —
Net koud —
Die siel gegryp
Die ruimtes in,
Suisend,
Dwarrelend
En o so
Koud.
Dan gryp 'n stewig regter
Die witgloed marmer vas
En hys jou uit die poel.
Verblindend blanke God:
Die Gloed!

Belofte

Die aand was 'n juweel,
'n Kosbaar diamant.
Soos 'n ster geskitter
Twee siele en 'n belofte —
Dit was die aand.
Toe kom die dag.
Veral dié een was mooi.
Dit was haar dag —
Haar dag en syne.

Toe kom die tyd
Net na die uur,
Die vonkel in haar oog.
Na soveel tye wag:
'n Lentebloom gedoop.
Die blye dag:
Die klein mens
Aan haar boesem toevertrou,
Die drie was één.

J. P. MALAN:

Nuwe Begin

*Die watervloed het weer verby gegaan
en uit die ark kon mens en dier vry staan
waar sonlig vrolik oor die velde blink
asof geen mens en dier hier het verdrink.*

*Oor hulle hang die hemel blou van kleur
en om hul waai die nuwe vryheidsgeur,
die liefde wat in dood nie kan vergaan,
en dankbaarheid wel hoog op uit 'n traan.*

*Wat is genade mooi en liefde soet
hier waar die lig weer skyn in oewervloed
en diere oor die velde huppel-spring,
as voëls swierig swaai en vrolik sing
oor sonligdae vol van liefdesmin,
hier waar 'n nuwe lewe weer begin!*

Die Altaar

*Hier staan hy klaar verrys uit dankbaarheid,
die altaar aan die Hemelgod gewy;
en om hom staan die skaartjie, klein en bly,
en glanse van genade-heerlikheid,
met oog omhoog geslaan in heugenis
as siel ekstasies opsweef na die Troon
van Liefde, vry van leed en droefenis,
in dank-erkenenis en eerbetoon.*

*Die rook van reine diere trek omhoog
hier waar die vuurvlam bloed en vleis verteer
vir Hom wat vuige sondes nie gedoog.*

*In liefde kyk Hy uit die hoogte neer
in stil ontferming na die mense-kind
waar offers brand en langsaam word verslind.*

Die Geur

*Toe het die Heer geruik die offergeur
wat heerlik was van mense wat Hom eer
en in genade-liefde goedgekeur
die werk van mense-hande, swak en teer.*

*Is hul maar nie soos gras wat kom en gaan,
nou groen in lewe en dan dor vergeel,
en Hy die grootheid wat vir ewig staan
en ook in hulle smart en liefde deel?*

*„Ek sal die aarde verder nie meer vloek
oor hierdie brose mensdom se ontwil.
Die hartsversinsels van die mens is boos
wat van sy jeug af daarna streef en soek
en My vergeet in sy bedorwe wil.
Só straf Ek nooit nie weer genadeloos.”*

Die Verbond

*God het aan Noag Sy verbond gegee
wat deur die nageslagte trou moet staan:
„Dat alle vlees nooit weer nie sal vergaan
deur watervloed oor hulle soos die see.*

*„Dit sal die teken wees van My verbond
as julle in die wolke sien die boog.
Dan sal Ek altoos dink aan hierdie stond
en My verbond so heilig in My Oog.”*

*Van toe af kom die wolke en verdwyn
en ná die reën die ereboog van God
wat veilig oor die mens hang en sy lot
en in die wolke skitter soos robyn.*

*Dit is die teken van Sy woord en trou
vir my en jou wat veilig op Hom bou.*

Die Getye

*Van toe af was daar wolke en ook reën,
die bliksem wat die wolke klief en raas,
die dae vol van teenspoed en ook seën
en winde wat om mense-ore blaas.*

*Die winterdor sou op die somer volg,
die koue winde sny en hitte brand;
maar nooit sou God die mensheid weer vervolg
met watervloede oor hul sondeskand.*

*Die mensekind het nou die grond bewerk,
hy het gesaai en later ook geoes
en in die aarde nagelaat sy merk.
Natuur het mild gegee maar ook verwoes.*

*En deur die eeue worstel mens en grond
in felle stryd en albei slaan en wond.*

S. J. DU TOIT:

Koggelmandertjies

*Ons het klein koggelmandertjies gevang
en om hul nekkies lappertjies gehang.
Dit is so kort gelede . . . en so lang.*

*Van al ons dae is daar nie meer een.
By ons staan elk 'n wit- of blouklipsteen.
Dis koggelmandertjies wat sit daarteen.*

Aanblik

*Die paaië van die ou ou tyd is stil,
Verspoel, verwaai. Van karre wat eens was
Is nouliks oor nog yster en ou as;
Die weerlig van hul wiele is verkil.*

*Dis alles nuut nou. Na ver ruimtes tas
Met draadloos en atoom ons vingers al.
Hul sweis met vuur wat uit die hemel val,
Ons disselbome aan die sterre vas.*

*Hoe sal dit wees as tot die hoogste blou,
Deur vertes waar geen perk geen grense bind,
Oor veertig jaar blink uit sy windsels vou
Die toekomsland wat nooit my voet meer vind?*

*Die land van môre wat ek sien en sterf,
Sal in sy volheid blyer mense erf.*

Minus

*Wie sal my ry van minusse kan meet?
Hul tal is legio, 'n skaar aaneen;
Die mense dink wel anders, hulle meen,
Maar God die Heer, net hy is dit wat weet.*

*Soveel tekorte, onerken vergeet,
Gekluister en geknel in sielesteen,
Vind snags 'n nitweg deur die wande heen,
En wandel voort, van alle waan ontkleed.*

*My môres wortel in die son se groen,
Ek kraal my kuddes aan die dag se soom,
Maar niemand weet wat hy al wokend doen,
En lig vergeet's die dade van die droom.*

*My wêreld as ek waak is algemeen;
Slegs in die slaap is hy van my alleen.*

Mooi-Rohtraut

(MÖRICKE)

Hoe heet koning Ringang se dogtertjie?
Rohtraut, Mooi-Rohtraut.
Wat doen sy dan die hele dag,
Daar spin en naaldwerk tog nie mag?
Vang vis dan en jag dan.
O kan 'k haar jagter wees, wat meer
As jaag en vis sou 'k nog begeer!
— Swyg stil, my hart!

En na 'n tydjie, snel verby,
Rohtraut, Mooi-Rohtraut,
Daar dien die knaap in jagterskleed
Op Ringangs slot, het 'n ros gereed;
Moet met Rohtraut op jag gaan.
O was ek 'n koningseun, hoeseer,
Rohtraut, Mooi-Rohtraut, sou ek jou begeer!
— Swyg stil, my hart!

Eendag rus hul by 'n eikeboom,
Toe lag Mooi-Rohtraut:
Wat kyk my so aan jou oë blou:
As jy die durf het, soen my nou!
Ag, so skrik die jong'ling!
Maar dis gegun, dink hy terstond,
En kus toe Mooi-Rohtraut op haar mond.
Swyg stil tog, my hart!

Daarop ry hulle swygend trug,
Rohtraut, Mooi-Rohtraut;
Dit juig diep binne in hom in:
En word jy nou hier keiserin,
My sou't nie grief nie:
O duisende blare, jul weet gewis,
Ek het Mooi-Rohtraut se mond gekus!
— Swyg stil nou, my hart!

MARCEL R. BREYNE:

'n Vergete Bladsy

Onder die huldeblyke en lofbetuigings vir die te vroeg ontslape digter C. M. van den Heever is daar iets wat myns insiens nie tot sy volle reg gekom het nie en wel die aandeel wat Duitsland in die bekendmaking van hierdie Afrikaanse skrywer gehad het en sodoende van die Afrikaanse letterkunde op die vasteland van Europa. Seker is dit te wyte aan die tragiese gebeurtenisse wat Europa in die laaste halfeeue geskok en selfs die oudste en hegte bande met Duitsland verbreek het. Die geeste en gemoedere onder die Westerse kultuurvolke het so verbitter en verwar geraak dat selfs die taal van Goethe en Schiller uit die konferensiesale verban is en die onsterflike wrogtings van Beethoven, Brahms, Schubert, om nie eens te praat van Wagner nie, jare lank sowat in die ban gedoen was.

Dit mag wellig ook die oorsaak wees hoekom die offisiële kultuur-attaché van die Staatsinligtingskantoor in Londen, Roy Macnab, in sy lofwaardige voordrag in die „Royal Society of Arts,” aan die begin van hierdie jaar, oor „The emergence of Afrikaans as a literary language” blykbaar nie eens geweet het dat C. M. van den Heever se bekende roman *Somer* nie net in Engels en Frans nie, maar eers in Duits vertaal is en wel onder die titel: *Das Leben schreitet weiter — Ein südafrikanischer Bauernroman* in Dresden 1937 van die pers gekom het.

Tot my voldoening het Yvonne Garson in haar „Uitgesoekte Bibliografie” in Jg. 7 No. 3 van die *Tydskrif vir Letterkunde* ook die Duitse vertaling van *Somer* onder „Vertaalde Werke” aangestip.

Duitsland se verdienste op die gebied van die erkenning en bevordering van Afrikaans, sowel taal as letterkunde, is oor die algemeen te min bekend. Ons kan hier waarlik van 'n „tragische Freundschaft” praat. Die Engelse vertaling van *Somer* bv. waarvan gewag gemaak word, het eers agt jare later die lig gesien.

Die eintlike doel van hierdie nabetragting is om die bogenoemde „Bibliografie” met een, blykbaar hier onbekende, publikasie van C. M. van den Heever te vervolledig.

Ek kan my nie meer goed herinner waar ek Van den Heever vir die eerste keer ontmoet het nie. Dit was vermoedelik in Bloemfontein in die jare 1931/32, toe ek as uitruilprofessor aan die N.U.K.-Pietermaritzburg werk-

saam was. Van den Heever was destyds lid van *Die Volksblad* se redaksie, met dr. A. J. van Rhijn as hoofredakteur.

Kort na my terugkeer in Berlyn, het ek met hom in briefwisseling getree met die oog op eventuele vertaling van 'n paar Afrikaanse waardevolle romans. Eers in Desembermaand 1938, ter geleentheid van die Eeufeesviering en die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria, kon ek met hom nader kennismaak.

Van den Heever was destyds al verbonde aan die Witwatersrand-Universiteit en hy het geweet dat bydrae van my hand oor nuwe waardevolle publikasies op die Afrikaanse boekemark gereeld in vooraanstaande Duitse tydskrifte soos *Das Literarische Echo* (later *Die Literatur*) verskyn het. Hy het dan ook steeds daarvoor gesorg dat Afrikaanse koerante soos *Die Vaderland*, *Ons Eie Boek*, *Ons Tydskrif* e.a. na Berlyn gestuur is, om ons sodoende op hoogte van sake te hou.

Om my waardering vir sy literêre werk te laat blyk, het ek dan ook in die eerste uitgaaf van my *Lehrbuch des Afrikaans*, 1936, aan Van den Heever as prosaïst en as digter 'n plekkie gegee en wel met 'n kort uittreksel uit *Langs die Grootpad* en twee van sy gedigte: *Die Windpomp in die Nag* en *Die Saaier*. Dit het hom blykbaar baie plesier gedoen. In 'n brief van 28 Augustus 1936 skryf hy:

„Ek haas my om te sê hoe seer ons u werk ter bevordering van ons taal in Duitsland op prys stel... Aan mnr. Van Schaik het ek gevra om dadelik aan u 'n eksemplaar te stuur van *Somer*. Die vertaalregte in Duits word aan u afgestaan... Ek twyfel nie dat die vertaling van hierdie werk by u in goeie hande berus... die beste wense vir welslae op u goeie werk.—Groetend, toegeneë, C. M. v.d. Heever.”

Een jaar later was die vertaling van *Somer* klaar en dit het in die *Deutsche Verlagsbuchhandlung*, Dresden, onder die bogenoemde titel en met 'n besonder keurige omslag deur die bekende kunstenaar Albert Bechtel uit München van die pers gekom. Die ontvangs by die Duitse publiek was hartlik en die resensies in die pers deurgaans goed. In Desembermaand 1938 het ek, na die plegtighede in Pretoria, C. M. van den Heever in Johannesburg ontmoet. Hy was begerig om iets oor die bevordering van Afrikaans in Duitsland te verneem. Ek het my bereid verklaar met 'n paar van die Afrikaanse jong skrywers saam te kom en so het die „Colloquium” in die kantore van *Die Vader-*

land in Pleinstraat ontstaan, waaraan C. M. van den Heever, Abel Coetzee, Uys Krige, Ign. Mocke, A. M. van Schoor, e.a. deelgeneem het.

Op die vrae wat hulle gestel het, het ek probeer in *Sinceritate cordis* te antwoord. Die gesprek het besonder oor die destydse „genre” van die literêr-waardevolle Afrikaanse romans en kortverhale gegaan. Die laaste boek wat van Van den Heever destyds van die pers gekom het, was sy psigologiese grootstadroman *Kromburg*, daardie lydensweg van ’n onbegrepe gevoelsdiepe vrou met ’n tragiese einde.

Ek het eerlik my mening gesê en wel dat dergelike sielkundige of beter sielsieke probleme in Europa en besonderlik in Duitsland al uit die smaak was en dus vir ’n eventuele vertaling nie geskik was nie. Die belangstelling het destyds hoofsaaklik na omvangryke histories-biografiese werke uit die wêreldletterkunde gegaan soos bv. Duff Cooper se *Talleyrand*, Mitchel se *Gone with the Wind*, Mereschkowski se *Napoleonbiografie* e.a. Ek het daarop gewys dat tot my spyt geen omvangryke Afrikaanse werk op die mark was nie, wat ons aan een van die bekende Duitse uitgewerjies soos Insel Verlag, Leipzig; Diederichs, Jena; Deutsche Verlagsanstalt, Stuttgart, e.a., wat begerig was om een of ander waardevolle boek uit die Afrikaanse letterkunde te publiseer, kon aanbied nie. Ek het aan die hand gedoen dat hulle die heldefigure uit die verlede van die Afrikanervolk ’n bietjie nader gaan bekyk soos bv. Van Nood, Van der Stel, Woltemade, e.a. en hulle digterlike talente daaraan te waag. Stewart Cloete se *Turning Wheels* was ’n klinkklare bewys dat die verhale van die „Groot Trek” ’n geweldige epiese krag inhou en dat dit die plig was van die Voortrekker se nakomelinge om daardie heroïese verlede in die regte perspektief en met ’n dinamiese digterlike krag te vertolk.

Daardie woorde het blykbaar by Van den Heever nie op die rotse geval nie. Die saad het opgeskiet en het uitgegroei tot dié boek, wat hy tereg steeds as sy beste beskou het: *Anderkant die Berge*. Daardie epiese brok menselewe met die grondmotief wat in al sy werke steeds weerkeer: „Ja, magtig is die aarde — maar magtiger is God!” Dit was seker ’n lofwaardige poging, maar die groot epos wat sy plek kon inneem in die reeks standaardwerke van die wêreldliteratuur was dit nog nie.

Afgesien van resensies oor sy dig- en prosawerke in Duitse tydskrifte soos bv. in *Mitteilungen* van die Duitse Akademie, München, 1937, het C. M. van den Heever

verder bekend geword deur 'n bydrae wat hy vir die spesiale nommer van die binne en buite Duitsland bekende *Europäische Revue*, Desember 1936, gelewer het: *Afrikaans, Sprache und Literatur*. Selfs die destydse Eerste Minister, generaal J. B. M. Hertzog, het meegewerk met 'n *Vorwort!*

C. M. van den Heever het nie tot die soort mense behoort wat die aardse lewe as onwankelbaar en bestendig beskou het nie. Al vroeg was sy hele doen en denke beheers deur die groot misterie van die „Stirb und Werde,” die misterie van die dood en wat daaragter verborge lê. Voor my lê twee digbundeltjies van verwante sangers uit die Dietse letterkundige boord, wat hulle ten aansien van die naderende dood geskryf het. Die een is *Adagio*, die swanesang van die bekende Vlaamse skrywer Felix Timmermans, die ander is Van den Heever se *Honderd Sonnette*. Opvallend is die geestesverwantskap tussen beide. Beide het hulle gelowige, digterlike siel die suiwerste in hierdie verse uitgestort. Die gevoel van die waaragtige en tydelose in die begrensde en onvolkome aardse lewe soos by Timmermans:

Des levens aanvang glinstert weer,
geen gisteren en geen morgen meer,
geen tijd meer en geen uren,
geen grenzen en geen muren;
en alle angst voorbij,
verlost van schaduw en van schijn,
wordt pijn en smart tot vreugd verheven!
Hoe kan het zoo eenvoudig zijn!
Hoe kan het leven Hemel zijn,
met U, o kern van alle leven!

En Van den Heever vind uiteindelik dieselfde oplossing vir alle aardse ellende en onvolkomenheid:

So sal dit seker wees as ons moet sterwe,
as uit die slaap ons laaste droom ontwaak,
as ons dan moeg — verward van alle swerwe
uiteindelik volmaaktheid kan genaak
deur op te staan uit wat ons lank verblind
en deur die dood ons ware self te vind.

Ongetwyfeld is C. M. van den Heever een van die merkantste figure in die jong Afrikaanse letterkunde. Wat my persoonlik, as vertaler van sy werk, eerbied afgedwing het deur die manier hoe hy geworstel het met die nog onvolkome instrument van sy jong moedertaal om dit tot 'n edel kultuurinstrument te ontwikkel en ook, soos hy aan my eendag self beken het, met die nugter en soms

bekrompe atmosfeer van dié wêreld waarin hy gebore was en geleef het.

Die laaste onderhoud wat ek met C. M. van den Heever gehad het, was in November 1951, toe hy my in die Staatsinligtingskantoor, waar ek destyds werksaam was, kom groet het. Sy besoek het in verband gestaan met sy aanstaande reis na Vlaandere waarheen hy uitgenooi was om aan die Streuvelsfeeste in my ou-heimatstad Brugge deel te neem. Sy besoek was maar kort en ons het nie baie gepraat nie, tog herinner ek my nog goed die woorde wat ek hom op die verre reis meegegee het, t.w. om ook die ánder Vlaandere nie te vergeet nie, wat by daardie feeste nie teenwoordig sou wees nie, dáárdie Vlaandere wat vir sy vryheidsliefde destyds nog in kampe en tronke gesmag het.

Hy, wat self in 'n konsentrasiekamp op die walle van die Oranjerivier die lewenslig aanskou het, het my maar al te goed verstaan en die handdruk was welsprekender as alle woorde.

'n Goeie steeds hulpvaardige vriend het heengegaan. Die paar briewe van hom in sy klein en fyn handskrif, lê ek nou nadenkend weer terug by die ander herinneringe van ou vriende, digters en skrywers, wat ook al onder die koel grassooie die ewige slaap „der Gerechten” slaap. Ewig? . . . Sombere woord, onoplosbare geheim waar ook die mens en digter Van den Heever amper sy hele lewe na gesoek het.

Mag hierdie vergete bladsy as eerlike hulde geld aan sy nagedagtenis ook in naam van die Duitse lesers, wat hom gewaardeer het.

DIE OPKOMS VAN AFRIKAANS AS LITERÊRE TAAL

„Suid-Afrika is bekend vir sy goud en diamante. Maar een van sy skitterendste juwele is heeltemal onaantasbaar, t.w. Afrikaans, die jongste volwaardige literêre taal in die wêreld. 'n Spruit van die 17e eeuse Hollands, waarvan hierdie taal vandag ontsaglik verskil, het dit ontwikkel in die afsondering van die veld op die suidpunt van die vasteland van Afrika onder beïnvloeding van tale soos Engels, Frans, en Maleis-Portugees. In 'n toespraak wat hy onlangs voor die Statebondafdeling van die Royal Society of Arts gelewer het, het Roy Macnab, Engelssprekende Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, 'n volledige uiteensetting gegee van die ontstaan van Afrikaans en sy ontwikkeling en groei tot 'n sterk en lewenskragtige taal met 'n eie groot literatuur.”—*Wetenschappelijke Tijdingen*, Jrg. 17/10, Des. 1957, bl. 611.

JAC. J. BRITS:

Ontwaking

*Langs wilde weë van die hart se sin,
het ons die Lewe saam begin;
Aan God gewy.*

*In sagte skemer van die voorjaarsnag,
Het ons gepeins oor hierdie vreemde mag;
en saam gely.*

*Die wonder was 'n klare klank,
En saam het ons die Heer gedank;
net ek en jy.*

*O heilig die hawe wat jy my bied!
Nou weet ek God se wil geskied,
Oar jou en my . . .*

Skepping

*U het, O God, gespreek en uit
die enge niks 'n ewigheid ontsluit!*

*Herskep só God U hoë heiligdom,
Kerf duidelik en diep U wil en wens
Op hierdie holle hart wat stil en stom,
die wese van U wysheid wil omgrens!*

*U kan, O Heer, die magwoord spreek, en uit
my barre droom 'n ewigheid ontsluit!*

Klein Gebed

*U altaar God
Vra nie na goud en goed.
Maar liefde tot
U naam wat trou behoed.*

*My offer Heer,
Is 'n verslae gees.
Naak kniel ek neer,
In pyn en wrange vrees!*

*O God, ek wag
op U gebroke stem.
Toon my U mag;
laat my, my valsheid ken!*

JAN SCHEPENS:

Zeven Nocturnes

I

*Vertrouwde lamp, geliefde schemerbloem,
Jij glimlacht even over mijn geschrijf
Waarin ik je met tederheid vernoem,
Jij zon van schoonheid in mijn stil verblijf.*

*Zachtgele lamp, o lelie van de nacht,
Wijs me de weg die voert naar de genade.
Rijkdom van licht, uit jou put ik de kracht
Om door het water van mijn tijd te waden.*

*Ik stijg uit diepten van onzekerheid,
Jij bloeit alzijdig als een bloem van vrede.
Ik meet mijn ruimten, jachtig, en mijn tijd.
Jij hebt je cirkel nimmer overschreden.*

*Zacht ruist jouw licht over mijn denkend hoofd
Dat tegenstrijdigheden óp ziet doemen.
Wie op dit uur in 't suiwer licht gelooft,
Omring jij met miljoenen heldre bloemen,
Bloemen van inzicht, bloemen van verklaring,
Traag deinend op het water van de tijd;
Bloemen van liefde en levensopenbaring,
Van onrust en van schaduwen bevrijd.*

II

*De nacht heeft met donkere verven
Mijn levensleed gekleurd.
Komt de dageraad van het sterven,
Ik ga heen, onbesmeurd.*

*Wat ik in dit leven moest derven,
Geef ik prijs, opgebeurd
Door de troost, dat al deze scherven
Toch worden afgekeurd.*

*Zal het kwaad, zal het goed me leiden
Naar het beloofde land?
'k Weet nog niet of ik ze kan scheiden.
Zij lopen hand in hand.*

*Maar 'k weet dat, na 't laatste verglijden,
Ik zand word met het zand.
Wij moeten ons langzaam bevrijden
Van elke vaste band.*

III

'n Heb niet genoeg bemind.
'n Wou almaardoor begrijpen.
Er bijt een zerpe wind.
De kersen moeten rijpen.

Een wind zonder gena,
Een wind van niet begrijpen.
En tóch zullen weldra
De beste vruchten rijpen.

De geest wil 't weke hart
Alweer voor lang doen swijgen.
Hij worstelt met de smart
Waaruit hy óp zal stijgen.

De lucht: een blinde muur
Waarboven maanlicht schittert.
En ik ken rust, noch duur,
Wijl mijn gemoed verbittert.

Veel van wat rustig groeit
En rijpt in lief verbeiden,
Hebben wij dwaas verknoeid.
Ellende van ons strijden.

IV

Voorbij is het verdriet.
De hoge sferen zingen
Het wonderbare lied
Zonder herinneringen.

Gij, aarde die ons draagt,
Het heeft u thans behaagd
Zo licht te zijn als lucht.
Een zuiverende vlucht.

Ons lichaam heeft de muur
Doorbroken van 't azuur.
Etherische transfusie.
En alles blijft illusie.

Beschouw u thans niet langer
Als een verloren zanger.
Uw denken drijft op wingen,
Uw ademen wordt zingen.

Achter de sterrenbeelden,
Weer nieuwe dromenweelden,
Een eeuwigheid van vrede.
De strijd is uitgestreden.

V

*De ware bronnen van het leven,
Zij blijven in de felle dag
Voor iedereen verscholen.
Men ziet ze niet, men hoort soms even
Een duizeldiepe sfinksenlach
Echoënd verder dolen.*

*O wondre reizen van het zaad,
Geheim van leven en van sterven,
Mysterie van het bloed.
Hij die de schepping gadeslaat,
Ziet er miljarden cellen zwerven,
Hun einde te ontmoet.*

*Hoge verrukking van het minnen,
Spasmodisch einde van het ik,
Momenten rijpen plots tot uren,
Wij trekken nieuwe ruimten binnen,
Geen grenzen aan dit ogenblik,
Wij zijn een som van avonturen.*

*O wonder van het zingend woord,
Een lentebloei van beeld en klanken,
Vervoering van het lied.
En wie de wekroep heeft gehoord,
Kent de genade van het danken
Voor al wat men hem biedt.*

VI

*'k Sta droomverloren in de nacht.
Er komt geen mens voorbij mijn woning.
In een bedwelmende overmacht,
De geur van hars en die van honing.*

*De sparren wiegen in de wind:
Ballet in vreemde klederdracht.
En 't grasveld: een oneindig lint
Van ritselingen door de nacht.*

*Een huivering van bloem tot bloem,
Het trage groeien van een stam,
Een roos ontluikt uit aardes doem
Als zuiver licht uit donkre vlam.*

*Een nauwelijks ontloken roos,
Zacht wiegend in de zomerwind.
En het besef, dat eindeloos
De tijd van 't bloeien nu begint.*

VII

*Ik kan niet minnen zonder woord,
Ik kan niet loven zonder lied.
Er is geen aarde die niet hoort
Tot mijn vergeestelijkt gebied.*

*Elke omhelzing zonder geest
Is maar contact van dier met beest;
Doch door de schittering der ogen
Versmelt het lage met het hoge.
En géén genot dat niet in 't vlees
En in de roes zijn oorsprong vindt.
Extase steunt niet op de vrees.
Zij ruist in eenklank met de wind,
Zij kent het ritselen der blaren
En volgt de wenteling van 't bloed.*

*Een stroom van jeugd komt nu gevaren
Door onze plotse overmoed.
Vervoering loutert de natuur
In lichte, zuivere visioenen.
Minnen en denken kennen duur
Noch grens.
Kom, laat ons verder zoenen . . .*

JAAK VAN DEN IEPE:

Jeugddroom

*Wij trokken, onbewust nog. 't leven in,
met de ongerepte kijk van 't schoon begin,*

*— als toen het mensenpaar, in 't paradijs,
onder Gods oog begon de levensreis,*

*die nog niet eindde. — In onze droom
leefde de schoonheid en de zuivre schroom*

*der ziel, die van haar Goā nog heeft bewaard
den glans, dien zij in Hen. had aangestaard,*

*ter dagen van Godsening en geluk . . .
Maar de vloek woog, en ook die droom brak stuk . . .
God bleef de ziel van elke werkelijkheid,
maar Zijn bezit heeft bloed gevraagd en strijd.*

*Slechts Godsbloed heeft eens van de vloek verlost:
sinds heeft ook elke Godsdroom bloed gekost . . .*

*Maar leg de oude scherven, trouw bewaard,
bijeën: gij ziet, zij zijn niet van deze aard.*

*Daarom ook is die droom zó schoon geweest,
en is 't slechts God. Die eens de wond geneest.*

FRED WALEWIJN:

Gebarsten Droom

*Blank albasten droom
tot bloem nog niet ontloken
zo leeft gij in ons voort
gebarsten, niet gebroken.
Verzonken
ligt gij diep in ons,
geen brons
heeft nageklonken
wanneer gij zijt gezonken.
Geen rimpel
liep aan d'oever
vast
wanneer gij zacht
zijt neergedaald
doorheen het groene watervlak
alleen het kroos
slechts even brak.
Zo broos
en van albast
zijt gij tog niet gebroken.
Gezonken en verzonken
ligt gij in drijfzand vast.
O droom van blank albast,
tot bloem nog niet ontloken
wanneer stijgt gij toch weer
aan 't groene oppervlak?*

*Gebarsten blank albasten droom,
gebarsten NOOIT gebroken.*

Vlaanderen

*Niets is erger dan uw beknot begeren,
een veld dat zaad vraagt en geen krijgt,
een vrouw die 't kind verlangt
en moet onvruchtbaar blijven,
dit is uw pijn en die is niet te keren.*

*Maar 't is Uw een'ge stage, stijgende kracht,
die lijk uw wild geworden zee
ten laatst verplaatst
op 't slingerend schip
de slecht gestouwde vracht.*

Emigrantenschip

*Het schip gaat in zee
en neemt de vele mensen mee,
met heel hun liefde en al hun wee,
steekt het schip in zee.*

*Zeezon zoekt dit schip,
dit eenzame schip
zo ver in de zee.
Dit schip met al zijn wee
zoekt het geluk
bij de zon overzee.*

*Oost is Oost
en West is West
en dat het thuis best
is, staat enkel maar
op oude borden.
Wij varen en verworden.*

*Wij zwalpen naar een ver
en ongewis bestaan.
Wij zijn een deeltje vaderland
dat zal ten onder gaan.*

*Het schip in volle zee
draagt ach zovele mensen.
Weldra vergaan ook d'afscheidswensen
en zijn zij helemaal alleen
met al hun liefde en al hun wee.*

Hoe eindeloos eenzaam is de zee.

Moederdood

Sterft moeder
Sterft zij niet alleen
Sterft gedeeltelijk gijzelf
Sterft van het geheel het beste deel
Het beste deel dat sterft geheel
Ga dood gijzelf
Ga!

Dat moeders sterven moeten
is Kismet, Schicksal, Lot.

Maar dat zij lijden moeten
alvoor zij henen moeten
is al te wreed, mij God!

Vaderdood

Vader verdomme waarom zijt gè weg,
weeral weg — weg nu voorgoed —
zonder stok en zonder hoed
zonder kwinkslag, zonder groet,
weg verdomme — weg voorgoed.

Vaders worden kameraden,
échte
glimlachplooï-Penaten
wakend over huis en hof.

Maar helaas! Het staat geschreven
— niemand heeft het uitgewreven —
dat de vaders en de goden
eens verjaagd uit hun pagoden
bijten moeten in het Stof.

Vertwijfeld Gebéd

Als het donker is
en wij bang zijn voor ghuiden
die wij zelf maken,
en ziek van de spijzen
die wij braken
en vluchten voor de meubels
waaraan ons kleren haken.

Spring dan van uw troon
o God.

Grijp naar ons hart.
WENTEL ONS LOT.

M. S. DU BUSON:

Die „Geding met God”

Vir bykans vyftig jaar het ons reeds te doen met die sogenaamde „geding met God” in die Afrikaanse digkuns. Spore daarvan is kenbaar in die werk van Eugéne Marais, dit bereik ’n felle hoogtepunt in die verse van Toon van den Heever, terwyl die werk van die Dertigers, w.o. veral N. P. van Wyk Louw, besondere nuanses van die geding weerspieël. In die poësie van die veertigers en vyftigers beluister ons asof in ’n veraf rammeling die eggo’s van die eens oplaaierende twis met God.

Eugéne Marais het in ’n paar gedigte die stryd impulsief ingelui. In die plek van die Calvinistiese God het hy eerstens die deïstiese godsbeskouing gehuldig. In die digtersgebed *Let me not die*, roep hy God aan as die Andere wat oor die syn van die mens beskik. Na aanleiding van sy ondervindinge in ’n Belgiese hospitaal vir kinders wat aan ongeneeslike kwale ly, stel Marais twyfelvrae oor die wese van God (*Is daar nog trane?*) Aanvanklik voel hy weemoedig oor die afwesigheid van kindervreugde in daardie inrigting. Sonskyn, blommeprag, warm, verligte wonings, gesonde kindergelag te midde van beskermende moederliefde — dit alles moet daar ontbeer word. Dan twyfel hy of God Hom met die droefheid bemoei. Dit voel vir hom of God verwyder is van die aardse gebeure, asof Hy nie immanent in Sy skeppingswerk aanwesig is nie, maar bo die kosmos in afgeslotenheid Sy eie vreugdes belewe, waartoe die mens selfs nie deur gebede kan deurdring nie. Hierdie deïstiese God is ’n aparte Syn wat Hom nie met die lotgevalle van Sy skepping bemoei nie, wat beskuldig word dat Hy in die belewing van Sy persoonlike vreugdes nie deur die lyding en smart van onskuldige kinders gevoer kan word nie. Is Hy doof vir die gebede wat opstyg na Sy troon? Sal vuurbelaaide woorde nie tot Sy bewussyn kan deurdring nie? Sal geen mensedaad Hom „tot verhoor” kan dwing nie?

Hierdie gedig is die eerste uiting in die Afrikaanse digkuns van ’n opstand teen God; dit is ’n aanklag, ’n beskuldiging, ’n verwyt:

Is daar gebede nog?
Wat in die Hemel nuut sal klink?
Wat in vuur-woorde ongesog,
die weeklaag in Gods oor sal skink?
Is daar gebede nog?
—Wat alle vreugde daar sal stoor?
—Met onweerstaanbare gewrog
Dwing tot verhoor?

In die lykdig *Mahlo-a-Naledi* lê die verdriet oor die heengaan van die vyfjarige bosveldkindjie in elke reël opgesluit. 'n Bitterheid wel op uit die innerlike van die digter; hy voel 'n stuwende verset as gevolg van die onverklaarbare lyding. 'n Hoonlag klink op oor die ydelheid wat in die lewensbestier opgesluit lê:

ek weet dit nie
tot wie se groot genoë dit kon strek
jou reine onskuld op die vreeslik pyn-
bank uit te rek.

Geen spore van die tradisionele verhouding van die mens tot God is in hierdie gedigte waarneembaar nie. Selfs die bestaan van God word in so 'n mate genegeer dat iets in die plek daarvan gestel moet word. Dit is asof die digter tot agter die lewensgordyn deurgedring het en God nie daar gevind het nie. In die plek van God kom dan die *Fatum*, die *Nihil*. Wat is die doel van ons bestaan? Die futiliteit van die mensebestaan lei hom tot die swartgallige slotsom:

Alreeds begint die rimpel sny
oor alles hou die wurm wag
en stof en as is al wat bly:
Want swart en droef,
die hoogste troef
oor al wat roer,
is Skoppensboer.

(*Skoppensboer*)

Die doodsgedagte word met die noodlot geïdentifiseer. Met 'n siniese verbittering word die volkome magteloosheid van die mens teenoor die mag van die noodlot, die Dood, gestel. Gaandeweg het die Dood vir Eugène Marais meer as die agtergrond vir die Lewe geword, meer as die lewensdêcor — dit het die lewe in hom opgeneem: die Dood het die

oorheersende faktor geword wat die bestaan rig en lei; die Lewe is die agtergrond vir die Dood om die Dood se rol te verskerp. Skrikwekkend somber, byna absurd, klink die digter se dank aan die Dood omdat hy ons bevry van ons dors na die lewe.

Die tweegesprek tussen die „ek” en die „U” wat voorwaarde is tot alle harmonie in die godsdiens, het al vroeg in die werk van Eugéne Marais vervaag. In die plek daarvan het die sinnelose monoloog gekom waarin die digter die doelloosheid van die bestaan bespot het. Later, toe die doodsgedagte sy lewe begin oorheers het, het die tweegesprek tussen die „ek” en die „Dood” ontwikkel, waarin die Dood gaandeweg die toneel geheel en al oorheers het. Die slotsom was die matelose hunkering na die Dood, ’n dringende smeking om totale uitwissing deur die Dood.

Die Dood het in die plek van God gekom.

In die twintigerjare begeef Toon van den Heever hom in ’n egte „geding met God”. In ’n intellektualistiese sfeer worstel hy oor die predestinasie, die lydingsmotief en die ewige straf. By Toon van den Heever bestaan daar geen twyfel oor die eksistensie van ’n goddelike Kontrapunt, teenoor Wie hy stelling moet inneem nie. Hy kom te staan teenoor die God wat Sy skepsele volgens Sy ewig gepredestineerde Raadsplan regeer. Die tweegesprek, wat ’n enkele keer nog in ’n aanbiddende houding gevoer is, ontwikkel vroeg in sy kuns tot ’n „twisgesprek”.

Buite die beskermende aartsvaderlike geloof, in die skrynende onsekerheid en vretende angs, is Toon van den Heever met sy intellektuele soeke besig om die vir hom Onbekende God te ontleed, om Sy Raadsplan te ontsyfer. Slaag hy nie daarin nie, kom hy in opstand teen God, verset hy hom teen Sy albestier en kom hy so in ’n geding met God. Ons benadruk dat Van den Heever nooit soos Nietzsche in onverskilligheid God kon versaak het nie. Sy opstand is gemik teen die goddelike Orde, teen die goddelike Kontrapunt in die mens-Godverhouding; dit is nie ’n verset teen God as die Absolute Syn nie.

In die park is die monoloog van die verdwaasde boemelaar, die projeksie van die digter se eie gespanne problematiek met sy verset, sy verbystering en sy ontnugtering. Dit is in hoofsaak ’n opstand teen die vir hom verbystere-rend-wrede voorbeskikkingsleer. Die half-waansinnige is sat gepeins oor die sinlose gebeure in die lig van die predestinasie. In sy „heldere” oomblikke verneem ons sy beredeneerde argumente teen hierdie geloofsleer. Hy kom in verset teen die starre dogma van die uitverkiesingsleer;

hy wil dit rasideel ontleed, maar dit lei slegs tot 'n verterende sinisme:

Waarom, dag ek, waarom
Die mensdom, selfbewus gemaak, gebied
'n Ewig voortbestaan, totdat hy lus
En toe, net soos 'n kind 'n hondjie terg,
Dit weggeruk?

Die ganse skepping, met sy glorie, sy adel, sy skoonheid,
is deur die predestinasie gedoem:

Verbeel jou man, dis voorbestem en voor
die grondlegging der wêreld al besluit
Dat ek verdoem is.

Die onafwendbaarheid van die noodlot rus swaar op hom, op „ons, van wie die merendeel verdoem is.” Deur ang en twyfel gemartel, duisel hy op die rant van die waansin.

In 'n siniese verbystering verset hy hom teen die tradisionele God in *Die vlaghysing*. As die predikant God aanroep as die „oneindig, ondeurgrondelik' Wese, oor konings en oor heersers Vors!” verneem ons die stem van die digter (in hierdie geval geprojekteer in die Onbekende):

Sy God! O, ek was glad van streek,
Ek was van mening dat met die gebônga
'n Ringkop sy kaptein toespreek!

Ook die gelykenis van die verlore seun verleen stof aan Van den Heever om sy verset teen die Bybelse etiek te lug. In *Die onverlore seun* kom sy opstand teen die leer van Christus fel tot uiting. Die oudste seun dien tot boustof vir die opstandeling Van den Heever.

Nog eens word gestalte gegee aan sy „twis met God” in die persoon van Radbod, die ou heidense koning wat sy swaard vir die Kruis verruil het. Die Christen gaan deur 'n geloofskrisis. Toe Radbod van die priester verneem dat sy voorvaders almal „in die hel” is en hyself derhalwe nooit met hulle in die hiernamaals verenig sal word nie, hef hy hom plotseling fier omhoog en sy stem bulder: „Liefs daar as met kristen-g'raamtes daarbo” (*Radbod*).

Die hoog oplaaierende geding bereik 'n treffende hoogtepunt in *Wis uit!* Hier is 'n ontredde enkeling wat hom uitgesluit voel uit God se gemeenskap. Die sinloosheid van

alles word verskerp deurdat onstilbare verlangens wakker geroep word deur die verafgeleë, wasig-blou rante, die onbereikbare sterre, die goddelike. In desillusie en ingehoue smart roep hy uit dat al hierdie dinge uitgewis moet word, want „hoe sal mens hulle aanskou en leef?” Hy begryp nie dat hy nie die reg het om die wil en die absolute heerskappy van God te betwyfel nie. Hy vra of God ten volle besef het watter hartstogte en verlangens Hy in die mens ingeskape het, of Hy verantwoordelikheid aanvaar vir die verterende drange wat in die mens gis en woel?

Het God gevoel 'n snaar gespan tot
brekens in sy hart,
Het God gevoel verlangens wat verwesen-
liking tart,
Hy sou hul nie geskape het as bakens
van ons smart
Waar hul so ongenaakbaar beef —
Wis uit die sterre.

Ook hierin het ons die polariteit van die spanning tussen die digter en God: die hartstogtelike drif om die goddelike uit te wis, teenoor die onherroepelike verbondenheid aan God, van Wie hy nooit kan loskom nie. Hierin is sy worsteling verwant aan dié van Job: die absolute oppergesag van God word nieteenstaande hewige verset teen wil en dank aanvaar.

In *Die lof van verganklikheid*, 'n sintese van Van den Heever se beskouinge, spot hy eerstens vol sinisme met die onbestendigheid van alle dinge, die futiliteit van die menslike bestaan. In die tweede strofe word die heelal, God, en die mens saamgebring in die gekonsentreerde hede, waarin die mens sy toneeltjie afspeel, 'n suigeling, 'n sot — wyl die gode om sy klein gedoe lag.

Na die stryd met God kom die sg. berusting (*Berusting*). Watter siniese, afgedwonge, onvermydelike „berusting” het ons hier? Die digter is in stryd met God, en veroordeel Hom omdat dit skyn asof Hy sy lyding, die ellende van die mens goedkeur en selfs afsydig daarteenoor staan. Maar die ontstellende vraag word die ruimtes ingeslinger: „Want wie sal ons twis met God besleg?” Hy voel vasgekeer; daar is geen hoër appèl nie — maar hy voel „tevrede” want alles is in orde: dood en lewe en liefde is wet, „alles ruis in die ritme mee!” Alles is in orde — want alles is 'n simfonie van God! Alles word aanvaar omdat die „musiek” uit „die orrel van God” stroom.

Die „berusting” word ’n hernude oplaaiing van die twis, ’n meer ingehoue opstand deur die siniese en verbitterde aanvaarding van die wrede godsbestier.

Die tragiek van die worsteling van Van den Heever met God is hierin geleë dat die spanning steeds tot breekpunt toe gespan is, maar nooit tot ’n finale breuk met God lei nie: „ek sing omdat my hart so wond geslaan is, Heer.” Hy is gedoem om tot aan die einde in ’n felle geding met God te verkeer en terselfdertyd om nooit van Hom los te kom nie. Nooit kan hy die tradisionele God ontken nie: nooit kon hy tot berusting aan die boesem van God kom nie.

In die dertigerjare word die twis met God opnuut, nou vanuit ’n geheel ander hoek, voortgesit. W. E. G. Louw se godsbegrip is nie ’n klakkelose aanvaarding van God as die Here op grond van tradisionele oorlewerings nie; dit word persoonlik in soeke en worstelinge opnuut verwerf.

Met dié God is ’n persoonlike verhouding vir Louw nie slegs moontlik nie, maar gebiedend noodsaaklik. Hierdie verhouding tot God moet verwerf word; dit sluit in die soeke na God, die worsteling met God òm God, ’n stryd met God om helderheid, ’n geding met God om die polariteit ek-U op te los.

Teenoor die absolute Syn wat *is*, staan die mens-syn wat strewende, veranderende, worstelende *word*, met potensies tot nie-syn of anders-syn — dit is die syn wat in Louw se verse vergestalt word, die syn wat in die goddelike Syn sy oorsaak het.

Die mens is tegelyk „Naturwesen und Bürger einer anderen Welt.” As natuurgebonde wese is die mens eindig, as burger van die Ewige is hy oneindig: hy is deels dier, deels God. In sy binneste woed die konflik tussen Bees en God, tussen Caeser en Christus, tussen Eros en Christus. Tweespalt bly die grondtrek van die menslike wese.

Die mens ervaar ’n roep om bevryding en verlossing uit die gebondenhede van die eie wese. Die tot sterwens toe gefolterde mens soek rus. Die moderne mens het begin besef dat die rede, die materie, die erotiese begeertes nooit die rus kan verseker nie, dat die rus „elders” is. Hierdie mens, die vleesgeworde kreet van die vereensaming, smag na verlossing. Dit soek hy in die godsdiens, in die wysgerige denke, in drome, in mistieke belewinge, in die Eros. Die vereensaming is te verklaar uit die skeiding; hy worstel om die skeiding weer te heel, om die harmonie te herstel teenoor die vrou, teenoor die maatskappy, teenoor God.

Die tweespalt in W. E. G. Louw kan verklaar word uit

die driftige sinnelike wat in hom heers teenoor 'n mistieke verlange na God. Dekker beskryf hierdie botsende stukragte as die „fel-sinnelike erotiek en die religieuse soeke”; dit is die tweegesprek tussen 'n sensitiewe lewensdrang en geestelike besinning. Hy is tegelyk ryk deur die sinnelike genieting van aardse skoonheid en die soeker na 'n dieper „rykdom agter skaduwee en stof”. Die digter staan in die spanning tussen vrou en God, tussen die „dwangbegeerte om gemeensaamheid” enersyds en die goddelike geroepenheid andersyds, tussen Eros en Christus.

Voortdurend word die digter tussen hierdie twee pole geslinger. Die een oomblik voel hy dat die oplossing in die aardse liefde te vind is, omdat daar geen oorwinning in die stryd om God is nie (*Gebroke offer*). As hy die vrou waarneem in al haar aanloklikheid „word (hy) met paniese vrees terneergeslaan” (*As ek jou sien*); hy beleef die oomblikke toe sy alles vir hom was, „die helder water wat ek drink in my bitter eenlingnood (*Herdenking*); 'n meedoënlose selfontleding volg waaruit hy sy „eensaamheid” blootlê en daarteenoor die „luidlose branding van (haar) gemeensaamheid” (*Aand*): hy smek haar om hom te bind dat hy „nimmermeer ontbonde (kan) wees,” om hom te wond „dat (hy) van gebrokenheid nooit weer genees” (*Bereiking*). 'n Volgende oomblik besef hy dat die Eros geen volkome berusting kan verskaf nie; dan haat hy die sensuele wat hom in sy eie swakheid tot skande maak; tog oorstroom die passie sy „naakte hart” en hoop hy op volkome ewewigtigheid (*Elga*). Dieselfde stryd om in die vrou berusting te vind, brand in *Naglied*; in *Stil aand* smag hy „dat ek die wye koeltes van jou stem om my kan voel”; in *Môrelied*: „koel is jou asem”, „trillend-sag jou dalende heup”. In 'n mineurtoon huiwer sy liefde tot die vrou: „die teer gemeensaamheid . . . waarna ek in my hart verlang” (*Elysium*).

Teenoor die Erosdrang staan die soeke na God wat in felheid toeneem.

In *Terugtog*, sy tweede bundel, word Eros nie meer so heftig gesoek nie. Dit vorm nog soms die ondergrond van sy stryd om ewewig, maar meestal verlang hy na 'n versmelting van sy Eros- en Christussoeke. Die „liefde van 'n mens” moet dien om hom te suiwer (*Bevryding*), om hom na God te voer.

Aanvullend tot die tweespalt Eros-Christus in Louw is daar tweedens die tweespalt in sy verhouding tot God self.

Gaandeweg het sy sensualiteit vir hom 'n marteling geword, 'n faktor wat sy soeke na God, sy gemeensaamheid

met God in die weg gestaan het. Dit verhinder hom om sy verhouding tot God tot klaarheid te verwerk, waartoe hy egter al sterker die behoefte gevoel. Nou ontstaan daar die tweespalt in sy ek-U-verhouding; enersyds opstandigheid en sonde, andersyds berou en deemoed; trotse verset teenoor oorgawe en skuldbelydenis; roekelose, profane beskuldiging teen God teenoor nederige boetedoening; opstand, bitterheid en twis met God teenoor belydenis oor sy geestelike stryd.

Die opstand teen God kom in onverwagte hewigheid tot uiting in die profane verwyf in „God, waarom het jy my die leë kelk gemaak?”

In hierdie geestelike stryd word hy met die Vreemdeling gekonfronteer (*Die teken*). Hier ontmoet hy Christus van Aangesig tot Aangesig. Met die sensuele hartstog vars in sy geheue, wou hy hom afkeer van die Vreemdeling, maar dan bemerk hy die teken en ondervind hy die verlange en die drang om hom in deemoed oor te gee aan God.

Hy ondergaan hier 'n vergeefse stryd om ewewig. Hy het bevryding in die Eros gesoek maar dit nie gevind nie; hy het verlossing in God gesoek, maar kan dit sonder die vrou nie vind nie. Die onmag om uit die dilemma te kom, oorval hom (*Belydenis*):

Nêrens sal ek deur die ganse wêreld wyd
weer skuiling vind om my gewonde hart te troos.

Die boosheid en die gebrokenheid van sy wese oorval hom; in vertwyfeling soek hy die rus. Christus is alleen aanvaarbaar as die digter aan Eros 'n gelyke plek kan toeken; hy is nie bereid tot 'n ander keuse nie. So wen Eros voorlopig die stryd:

Sonder jou liefde bestaan geen God vir my.

Hy is gedoem tot „verlatenheid” — donker nagte volg op dorre dae.

Die soeke na God is tevergeefs, hy is die banneling: God het hom in ballingskap weggestuur, weg van Hom, na die duisternis waar mense woon. Die digter verwyf God om hierdie tweespalt in hom.

Die religieus-erotiese stryd duur met onverminderde intensiteit voort in *Ondergang*. Die gedig begin met 'n kosmiese siening van die verband tussen God, Eros en die self:

God het die donkere drank van menslikheid
geskink in die ope kelk van my eie krag.

Soos 'n vorstelike jong dwaas het hy die lewe tegemoet gegaan „in eenselwigheid volkome ongeskend.” Maar God het in die mens 'n begeerte ingeskape om een te word met die Andere, en daardeur volmaaktheid te verwerf. God is die oorsaak van die skeiding van man en vrou. Hy is dus die oorsaak van die spanning wat uit die skeiding voortgevloei het, die spanning om weer die eenheid te herstel.

Dan gee die digter hom oor aan die erotiese genietinge. Sonder voorbehoud stort hy hom in die sinnelike ervarings en ondervind 'n ontsaglik emosionele sensasie: „'n hoë suiging het my bloed deurreis”. „Met die aftog van (sy) begeerlikheid” moet daar noodwendig ontgoëling intree. Nou is hy weg van God en deur sy naaste verstoot. In die uiterste gebrek sien hy die niksheid van sy gewaande eenselwigheid, die absurditeit van sy mens-syn. Die hoop flits opnuut dat hy aan die Eros-suiwerheid sal genees, maar dan vervaal alle menslike waardes om hom. Dan staan hy „halfweg teen die helling”. Tot hiertoe het die religieus-erotiese stryd hom gevoer: 'n dooiepunt — nóg Eros, nóg Christus is gevind.

In die bundel *Terugtog* duur die spanning tussen eenzaam-moet-wees en drang-na-gemeenskap voort. Langsamerhand vervaag die Eros-pool en dan beeld die digter in hierdie bundel die diepste realiteit van die lewe uit: die stryd van die mens teen God òm God. Die aanvanklike onrus word gaandeweg omgeskep in rus. Die digter het tot 'n besliste keuse geraak: hy keer hom af van sy sensuele jeug en worstel om God.

Aanvanklik is hy in *Die dood van die dwaas* die geheel vereensaamde, is hy „ongelukkig” omdat hy „gebonde is deur die liefde tot sterflike dinge”. Hy is nog „halfweg teen die helling”, „tussen hemel en aarde,” nóg by God na Wie hy hunker, nóg by die mense aan wie hy verbonde is. Die eensaamheid besit egter 'n positiewe waarde, hy staan alleen met God. Daar is „geen ontvlugting en geen terugweg” uit hierdie laaste angs nie. Dit is 'n eksistensiële worsteling om sy plek in die heelal te vind, 'n worsteling waar die mens met God stry en in sy metafisiese nood Hom aankla en verwyf:

Ek was die laaste leemte in U werk,
die sluitsteen wat die hele las dra

'n koning deur sy eie drang gekneg,
tweeslagtige heerser teen homself verdeel,
in hoë heiligheid 'n halwe God,
maar met die donker drifte van 'n dier!

Die worsteling met God òm God duur voort. Dit is die worsteling van 'n Jakob, van 'n Job, van 'n Lucifer. As „digter” worstel hy met sy God; sy wapen is sy felle woord, sy verweer „die groot verwyf”: „U het U aangesig vir my verberg.”

Soms kan hy hemelhoë vlugte onderneem om dan weer na sy aardse „nes” terug te keer: „dit was U duister lis met my!” Die stryd was nie slegs teen sy eie ongebonde drifte nie, maar teen die Skepper: „om U onskendbaarheid te kwes en skend”, sodat God Self gedwing sal word om tot die stryd toe te tree sodat

ek van aangesig tot Aangesig,
U eindelijk geopenbaar kan sien,
en met U worstel soos vanouds U kneg.

In sy stryd teen God besef hy egter sy nietigheid, sy gebondenheid, sy verstrengeldheid in die raadsbesluite van God. Hy besef die futiliteit van sy stryd, tog moet hy daarmee voortgaan omdat hy nie tot bërusting kan kom nie:

Want ek vrees die stilte van U ewigheid,
die afgrond van U uiteindelijke lig.

In die aardse koninkryk wat hy ken en liefhet, kan hy egter nie meer voldoening vind nie, want hy gevoel sy oorsprong en sy doel in God.

In *Mea Culpa* laai die stryd met God weer eens op. Die digter moet aan homself „rekenskap gee van verlore dae”; in „angs en vertwyfeling” slinger hy 'n dowwe klag teen God omdat daar vir hom geen antwoord is nie, . . . „voor Damaskus klink geen Stem . . .” Hy huiwer vir die oomblik as hy voor God te staan moet kom. Die stryd teen God het tot niks gelei nie: alles is verlore, selfs sy mens-syn is van alle sin beroof.

In *Vier gebede* verkry die stryd 'n variante nuanse. 'n Wrange sondegevoel, 'n volslae onderworpenheid en 'n ootmoedige oorgawe spreek uit hierdie verse. Die stryd is egter nog nie beëindig nie. Van al die weë wat hy gevolg het, het nie 'n enkele tot God gelei nie. Nogtans voel hy dat hy nie end-uit gestry het nie: sy voorafgaande stryd was maar 'n woordespel, maar die geding met God moet in alle erns voortgesit word, ook in sy self-pynigende ontledings met onthutsende eerlikheid:

Ek het nog nie genoeg met U gestry,
my kwetsure en verwondinge is skyn.

Die tradisionele, aartsvaderlike geloofsversekerdheid en berusting in God se wil ken hy nie meer nie — dit het van hom afgeval. Sy lewe daarenteen is „bitter, gebroke en naak” en „ontdaan van alle skyn”. Sy angsgeroep skryn tot God. Hy verwyt God die „donker drang”, die vrees en angs wat hy ervaar omdat God hierdie menssyn so geskape het:

...U lyding en die donker drang
van U liefde het in my hart gevaar,
en nooit daarna kon U woord alleen
my huiwerende vrees en angs bedaar.

Hy is nie beskroomd om hierdie stryd teen God nie, al is hy ook die enigste „wat Sy wil durf wederstrew” (*Getuienis*).

Taamlik onverwags word, na die wanhopige *Vier gebede*, die fatalistiese verslaenheid in *U lyding en U liefde*, die sporadiese laaste versetpoging in *Getuienis*, die krag van die vereensaming verbreek. In *Vier Sonnette* beeld hy in die eerste drie daarvan die verlossende koms en menswording van Christus en die bevrydende genade van God teenoor die mens uit in *Maria*, *Thomas* en *Paulus*. Hierdie drie Bybelfigure word beelde van die bevryding van die digter se worstelende gees. Die Engel nader Maria en spreek sy seën oor haar uit. Sy buig voor God en sy hoor „klein snikkies in haar hart”, die bevryding — ook vir die digter: „van verlossing reeds die vreugde en die pyn”. Christus verskyn aan sy Apostels na Sy herrysenis uit die dood. Thomas, die aartstwyfelaar, wou nie aan Sy opstanding glo nie. Ook die digter is verteer deur die twyfel. Dan kom die emosionele deurbraak:

Hy voel hoe al die swakheid, al die bande
breek, en roep: „My Here en my God!”

Die nuwe lig daag uit die duister. Die Stem van verlossing word gehoor. Die stryd teen God is uitgestry:

Hy voel hoe in sy hart die Heilige Gees
die krag en taal van engele ontsluit.

Soos 'n Maria, 'n Thomas en 'n Paulus die verlossing en die bevryding deur die ingryping van God in hulle bestaan deelagtig geword het, so ondervind die digter God se genade op ewe kennelike wyse. Die wonder vind plaas: in nederige

oorgawe kom hy tot klaarheid en berusting. Die stryd is nie deur hom tot 'n finale beslissing gevoer nie; daar was in werklikheid geen stryd teen God nie: in 'n mistieke belewenis word slegs ervaar dat God Self ingryp op Sý wyse, soos by 'n Maria, 'n Thomas en 'n Paulus:

Hy skuif die meulsteen af van „hierdie hart” (*Die liefde van God*):

U het alleen die meulsteen afgerol
van hierdie hart, dat weer die helder bron,
soos vroeër, stralend-blink en vreugdevol
kan opstoot en verwaai in wind en son.

Ek weet dat in die grond van my gemoed
U liefde weer die springaar vul en voed.

Die stryd is uitgewoed, nie op 'n wyse wat die digter verwag het nie, maar deur die genadige ingryping van God deur Christus wat die Bevryder was van 'n Maria, 'n Thomas en 'n Paulus. Nou styg 'n danklied op, nie meer in hoë, deftige woorde wat 'n ydele en hooggewaande trots moet beskerm nie, maar slegs 'n sagte preweling met min woorde, in nederige, ootmoedige dankbaarheid (*Ek dank*):

Ek dank U . . .
dat u my, dwaas en dwalend,
so mildelik vergewe.

Ek dank U om die dwaling,
om dwaas verwyt en al,
dat hierdeur aan U voete
ek eindelijk sou val . . .

In *Adam* word die eerste mensepaar geteken teen die agtergrond van die ongerepte paradysweelde. Die hele smartlike groeiproses wat die digter in *Die ryke dwaas* en *Terugtog* deurloop het, is in die gestalte van Adam geprojekteer. Met veel pyn het hy gegroei „met verwondering en iets van vrees”, totdat hy deur sy omwandeling in die tuin en die waarneming van die geskape diere „begin begryp”: „die sin en samehang van alle dinge”.

As hy ontwaak is die vrou aan sy sy en die dag word een jubelende heerlikheid as hy haar al die dinge wys waarvan hy die heerser is, hy wat die heerskappy van God ontvang het met die opdrag om die hele aarde te

„onderwerp en aan hom diensbaar te maak”. Daarnaas lewe die besef van sy diepe afhanklikheid van en sy vreten-
de verlange na gemeensaamheid met die vrou wat God
hom gegee het. In sy geestelikheid en onsterflikheid voel
Adam hom „van alle diere onderskei”; hy is „gemaak na
Sy beeld”, en daarom het God „die verlange in sy hart
gesien en dit genees . . .” In die afronding van die skeppings-
daad deur God vind die mens volkome rus en vervulling:

Die diepe rus van 'n voleindiging
het in die slaap vir hulle saam gevind.

Die tweespalt tussen Eros en God is in „Adam” opgelos.
Ook Eros is deel van Sy skepping en indien dit ook soos
alle ander geskaphede „dien tot lof en eer van God”,
is die konflik as vanself uitgeskakel. Met die erotiese in
die mens moet nie weggedoen word nie — Hy het immers
ook die drange in die mens ingeskape. Hierdie geheim is
deur die digter in Adam belewe: Eros moet as deel van Sy
Raadsplan aanvaar word: dit moet lei tot God.

In *Terugtog* het die digter die mistieke bevryding belewe
omdat God self op Sy wyse ingegryp het: die stryd teen
God is volkome besleg en hy buig in dankbaarheid neer
voor sy Vader met die smeking om nooit weer toe te laat
dat hy Sy huis verlaat nie. In *Adam* is die stryd opnuut
geprojekteer, en die gestaltegewing daarvan is grootser.
Waar die erotiek in die *Terugtog-bevryding* weggelaat is,
tersyde gestel is in die wonder van God se verlossingsdaad,
is Eros onafskeidelik deel van die nuwe bevrydingsplan
soos dit in *Adam* verwoord is. Ook dit, Eros, geskapene
van God, moet deel bly van die dasein van die mens om
uiteindelik ook daarmee Sy eer en lof te verkondig.

N. P. van Wyk Louw het in verskillende houdings teen-
oor sy God te staan gekom: nou voel hy hom die groepene
wat as God se profeet 'n opdrag ontvang het om te vervul,
dan tree hy met God van aangesig tot aangesig „met
blinke swaard” in 'n persoonlike geding; nou is hy vervul
van 'n waansin omdat die spanning die breekpunt bereik
het, dan voel hy dat die spannings oplosbaar is in die
irrasionele paradoks; nou is hy die worstelaar, dan die
oorwonnene; nou verkeer hy onder die besef van sy hoë
roeping, dan vul die skuldbesef en die aardsheid sy hele
wese; nou is dit haat en veragting teenoor die donker
ondergrond waaruit hy stam, dan is dit diepe deernis en
medelye met die massa.

In ons ontleding van die geding van Van Wyk Louw met

God is enkele verduidelikings vooraf nodig: Van Wyk Louw se „god” is nie deurgaans dieselfde begrip sodat ons van *Allcenspraak* tot in *Nuwe verse* die worsteling of die geding met God trapsgewyse kan ontleed nie. Inteendeel, sy gods-begrip wissel van die teïstiese tot die panteïstiese. Die teïstiese godsbeskouing sluit in die Bybelse Jahweh, die Redegod en die irrasionele God van Sjestow. Die panteïstiese godsbegrip sluit in die voluntaristiese, die vitalistiese, die substansiële, die kreatiefevolusionistiese en die esteti-sistiese houdings. Die geding met God kan slegs plaasvind in die teïstiese en nie in die panteïstiese beskouing nie. Slegs in die eerste geval kan daar ’n bipolêre spanning tussen die twee syndes bestaan en kan daar in die kontrapuntiek ’n stryd wees. In die geval van die panteïsme is stryd, spanning, worsteling met die godheid geheel en al uitgesluit omdat hier nie sprake is van twee syndes nie; die ek-syn en die Al-syn is een. A. P. Grové se stelling dat Van Wyk Louw teenoor die panteïstiese God in velerlei verhoudinge te staan kom, berus ongetwyfeld op ’n wan-begrip van die panteïstiese godsbeskouing.

Om dieselfde rede is dit misplaas om te verwys na die „opstand” (in *Die oorwonnene* — waar die digter as teïs met god in ’n geding verkeer) en dan daarna waar die „onrus opgelos” word (in *My Meester* en *Ekstase* — waar hy as panteïs deel word van die godsbeeld). Hierdie gedigte staan nie met mekaar in verband wat die spanningsverhouding tot God betref nie. Die onrus kan tewens nie in ’n panteïstiese houding opgelos word nie — daar kon geen onrustoestand bestaan het nie.

Ons ontleding van sy geding met God is dus slegs beperk tot daardie gedigte waarin Van Wyk Louw as teïs teenoor God te staan kom, waarin God ’n afsonderlike Synde is.

Aanvanklik verkeer Van Wyk Louw in ’n onsekere houding teenoor God. Hy wil nie in die kontrapuntiek betrokke wees nie en sou by voorkeur afsydig gestaan het:

Ek wou tog liever buite wees, (maar)

Jy is dit wat die beker skink.

(*Aan die lewe*)

Teenoor die kontrapunt God voel hy as teenpool die duistere werking van die sinnelikheid. Die ondergrond met die sinlike hartstogte bind hom onderwyl hy sy verlange na God soos ’n loot voel opskiet (*Ek het jou lief*).

Dan ontplooi die stryd met God in alle bitterheid. Die digter is die krygsman, kampend in 'n ongelyke geding met 'n persoonlike God; dit is 'n konkrete stryd soos die van Jakob met die Engel. In 'n dramatiese opstand verset hy hom teen God wat hom met duisternis omring en die las van die ewige soeke op hom lê (*Die oorwonnene*):

O God, Jy het my nou gebreek
op die rad van hierdie lewe.

Opvallend is hierin reeds die onverskilligheid, anders as die tradisionele Afrikaanse houding teenoor God, soos veral opgesluit in die profane „Jy” en „Jou”.

Ook in *Opstand* is die digter gekonfronteer met 'n persoonlike God in 'n Mosaïese opstand en met die trots en die wil van 'n Nietzsche. Hy kan nie begryp waarom hy tot bo op die berg geneem moet word om slegs „die beloofde land” te aanskou en dit nie binne te gaan nie.

In die bundel *Alleenspraak* neem die opstandsmotief 'n besondere wending aan (*In waansin het ek gevra*). Eerstens wou die digter God op 'n rasionele wyse vind; as wetenskaplike wil hy God in die natuur bind: „Ek wou U liggaam sien en gryp”. Dan smee hy om vergifnis dat hy so dwaas kon gewees het — hy worstel hom los van die rasionalisme. In die plek daarvan stel hy as oplossing die irrasionele wette van God. Hy aanvaar die kruis en die doringkroon as deel van sy bestaan en weet dat hy tot aan die einde soekende sal bly na „die sterre sonder wet”. Deur die verwerping van die wetenskaplike ordeninge en deur die aanskouing van „hierdie wonderlewe met wonderoë” en die intuïtiewe aanvaarding dat alles om hom van God se „Wonder lewe”, kom hy tot die slotsom dat sy digterskap, sy profetiese geroepenheid op 'n irrasionele wyse aansluiting vind by God. Die rasionalis se geding met God is omgebuig tot aanvaarding:

Daar is één heerlikheid: U sien;
daar is één rus: om U te soek;
om nie te weet — dit is U seën;
en om te vind — dit is U vloek.

In sy tweede bundel, *Die halwe kring*, keer alle motiewe uit die vorige bundel weer treug. Teenoor God is hy nie meer die halfvervreemde opstandeling nie; in sy opstand behou hy sy liefde tot God en in sy onderwerping sy menslike trots. Sy stryd met God word 'n stryd vir God

soos sowel die stryd van Nietzsche (met algehele vervreemding tot gevolg) en van Dostojewski (met innige toenadering tot God as gevolg).

Van Wyk Louw se gestaltes in hierdie bundel is worstelende heldefigure: Dostojewski, Christus, Lucifer, die Profeet, Nietzsche — genieë in wie hy homself sien en beeld in hoë en aristokratiese wete, worstelende deur baie pyn en lye en algehele vereensaming na die lig toe.

'n Geweldige gevoelsterugslag is die digter toegedien toe hy in *Alleenspraak* met sy oormoedige verlange na die ekstase en rus in God teen die ongenaakbaarheid van God gestuit en sy gebede onbeantwoord gebly het.

Sy konsepie van God staan nou egter ver van die tradisionele af, ver van die Afrikaner se gemoeds-innigheid en sy vertrouwe op God as liefdevolle Vader of sy worsteling om die Calvinistiese geloof uit te lewe. Insteede daarvan het ons by Van Wyk Louw 'n paganisties-vitalistiese weerstand om selfhandhawing van die individu teenoor God, Wat van die mens deemoed en gebrokenheid eis. In die plek van die konvensionele berusting en aanvaarding van Sy heerskappy vind ons by Van Wyk Louw 'n driftige opstandigheid, 'n uitdagende weiering om sy swakheid as mens te erken en te aanvaar. Inteendeel, hy lewe in die trotse drif, hoog verhewe bo die kuddemens wat slaafs bemin en bid. Hy is 'n prototipe van die prometeaanse mens.

In *Paniese angs* hyg die digter na 'n openbaring van God, want hierdie angs „kan nie Sy uiterste openbaring wees nie”. In plek van die gemeensaamheid met God het die kosmiese eensaamheid, die angs gekom.

In 'n magtige visioen projekteer hy sy eie toornige opstand in die koninklike opstandeling (*Lucifer*). Die verbanne aartsengel verlang terug na God se heldere vreugde. Dit word 'n spel van teenstellende kragvelde: die „vallyn van die smart” teenoor die „opstyg in saligheid”. Die aartsengel strewe opwaarts na die ongenaakbare God wat Hom in al Sy enkelheid al hoe grimmiger toeskulp, terwyl die liefde en gebede van die gelowiges 'n ewige branding om hom maak. Met 'n gevoel van tevergeefsheid van sy verlange en van magtelose geskeidenheid, stort die bose engel homself in wanhoop en toorn terug in die duisternis:

Hy het sy wit,
vermoeide vlerke dig gevou
en toornig weggestort...

Met 'n hooghartige, Nietzscheaanse houding trek die digter hom terug as hy in sy waardigheid en wete aangetas word (*Sluit toe jou hart*). In *God, dat hul smaad* vertel hy hoe hy hom afskei van sy medemens, die massamens „gevang in ieder dag se kleinlikheid”, omdat hy „vir hul duister is”, maar sy stryd is ook daarom teen God:

Met U, met U is my geding,
wat my geskei het van hul ras.

Die Profeet is 'n grootse alleenspraak waarin die opstand aangrypend verwoord word. Die geweld van hierdie verse, wat soms herinner aan die Ou-Testamentiese profete Jesaja en Jeremia en aan Job, daardie aartsworstelaar met God om God, klink sidderend op. Die digter voel hom die profeet aan wie God alles ontnem het nadat Hy hom uitgestuur het onder die mense wat hom verguis. Skerp klink die beskuldiging:

U het nie woord gehou met my, o Heer.

Sy beskuldiging teen God laai op omdat Hy nie woord gehou het nie, omdat Hy alles geëis het: sy eie mens-syn, sy medemenslikheid, die liefdeservaringe, die trots, die kennis, die uitverkiesing as Sy afgesant „met vlamme op (sy) voorkop.” Maar God weier om 'n kenbare teken aan sy woorde te sit sodat die mense dit as Godswoorde sal erken. Hy roep en skreeu teen God, hy beskuldig Hom van troubleuk:

(U) het ons hart in so 'n drif gemaak
dat nêrens rus vir ons bestaan.

In hierdie konsepsie is God geen toevlug en rus nie, maar die lewensonrus self, die skeppende oerdrif en tog ook onderskeie van wat Hy geskape het:

Ek weet U is geen rusplek en geen troos.

Van dadelose mymering, berusting en deemoed is hier geen sprake nie. Met die Jobsverwyf het hy voortgegaan, asof deur God self voortgedrywe om „die gevreesde weg van God te gaan.” Naak, ontdaan van alle tooi en beskutting, staan hy uiteindelik gereed om die hoë roeping te aanvaar. In die irrasionalisme vind hy tog genade deur die „heilige” wete dat God ook in sy drif is: dit is God

wat hom voortdryf, wat sy oë met onrus vul. Nou is dit geen sekere geloof meer nie, maar vae vermoede; geen stilstand nie, maar onrus; geen kalmer vreugde nie, maar bittere angs. Die spanninge met God is ontlaai tussen twee „genades”: die genade van die menslike rus en dié van die goddelike Onrus. Die oplossing word gevind in die paradoksale van die irrasionalisme: die wete dat „al (sy) onrus die saamwaaï is met Sy magtige wind.”

Enkele naklanke van hierdie grootse opstandsgedig word gehoor in *Die Dieper Reg*, waar die Voortrekkerman in die gees van 'n Jakob met God om Sy seën worstel:

Ek gryp U vas, o Heer,
en laat U nie,
U moet my hoor.

Ek sal met U worstel, o God,
tot U my hoor en seën.

Ook hier is God die „Bron van verborgé onrus” en is die mens se drif en daad aan hierdie Bron ontleen.

In *Gestaltes en Diere* belewe Van Wyk Louw „die skipbreuk van alle sekerhede.” Die kryg met God, die krisis van die sekerhede in gedigte soos *In waansin het ek gevra*, *Die Profeet* en in die bundel *Die Dieper Reg* is almal voorlopers van *Die Hond van God*. Vrees-besete en ontredderd is die Inkwisiteur wat al grawend in die afgrondelike bestaan van sy slagoffers, deurgrawe tot sy eie wortels. Ten slotte staan hyself as aangeklaagde van aangesig tot aangesig voor sy eie gewete as die aanklaer. 'n Waansinnige angs oorval hom, 'n „verskriklike vrees vir mens-wees.” 'n Enkeling se menslikheidskrisis word blootgelê in hierdie monodrama van 'n veelvoud van menslikhede in één mens. Die gedig beeld vir ons die vereenselwiging van die Inkwisiteur met die gemartelde in die diepste dal van sy smart, sy worsteling met homself, sy worsteling met God.

Hier staan die enkeling voor ons en tog is *Die Hond van God* ongetwyfeld 'n veelvoudiger drama as *Die Dieper Reg*. Deur die Inkwisiteur se wesensbelydenis spook „die ander”, sy mede-inkwisiteurs wat hom met glimlag en formulier omring, en hulle wat hy moet „bevry van vriend, van vrou en kind” en oopstel vir God se Geweld, en almal wat rondom hom is met „hul menslikheid ontasbaar ver”. Die Inkwisiteur is 'n groot tragiese menslikheidsopenbaring, tragieser selfs as Dias. Die vrees oorval hom, „die waansin praat in (hom),” sy enigste hoop is God as Hy hom nie ook verlaat nie:

Maar U, o God, mag my geen oomblik laat,
dan stort ek in die angs en in die nag:
U moet U sekerheid rondom my hou.

Hy moet gestroop wees van sy hele menssyn.

Dan kom die beelde van die „stasies van die skrik” soos die Inkwisiteur hulle met sy slagoffer weer deurgaen en „die maan van blink verskrikking in sy oë rys” totdat hy afstort in die nag van twyfel aan sy geroepenheid:

O God, ek stort die steiltes af! Gryp my
laat U nag oor my kom, laat my verskuil
wees soos in diep bloed en ongebore, soos
in diep water.

In hierdie tragies-verskeurde, erbarmlik-naakte menslikheid voor God, is daar geen plek vir ydelheid of grootdoenerigheid nie, maar alleen nog die skamele versugting:

... O Heer, wees koel
rondom my, as ook my laaste uur
genaak het.

Die opstand van die wellusteling Raka teen die „aristos” Koki is 'n vergestaltung van die dierlike in die mens wat die geestelike oorwin; „die oerwoud-like ondergrond in elke mens wat die goddelike wat reik na verwesenliking, oorweldig,” soos D. J. Opperman dit tipeer. Hierin seëvier die chaos oor die lig, die driflewe oor die gees. „Raka” is nie slegs objektiewe epiek nie, maar ook die projeksie van persoonlike problematiek, vergestaltung van „die skipbreuk van alle sekerhede” in die digter, die neertuimeling van al sy sterredrome. Ook is dit 'n boodskap aan 'n verdwaasde massawêreld: Raka is die oermens in die Westerse beskawing wat hoofsaaklik seks, spel en spier ken. Hy raak los van alle tradisies, kultuur, godsdiens en besit geen skeppingsvermoë nie: pyn en skoonheid het vir hom geen sin nie.

Hierdie epiese werk eindig tragies: die held het ondergegaan, die onedele aapmens domineer alles; wat mooi en verhewe is, word verander in 'n vormlose chaos.

Na hierdie sydelingse stryd tussen Kwaad en Goed, keer ons terug na die persoonlike verhouding van 'n Dias tot sy God (*Dias*). Dias is 'n geroepene van God. In Sy Naam vaar hy uit op die seë om die onontdekte te verken. Bewus

van sy eensaamheid en sy geroepenheid kom hy voortdurend teenoor God te staan. In die krisismoment in sy „vaart”, kom hy in ’n ontsettende alleenheid in die oneindigheid teenoor God in die tweegesprek te staan. Hy roep God aan as sy sekondant: Dias se dade wat op eie eer gefundeer is, moet deur God deur ’n Teken bevestig word. As daar geen teken verskyn nie, is Dias die neergeslane, die twyfelmoedige, voel hy asof dit die einde is, asof hy van God en mens verlate is. By nader oordenking vind hy die oplossing in die irrasionele: daar was ’n teken: „God het geswyg”. Die taak van die ontdekking van die seeweg was nie in God se Raadsplan aan hom toebedeel nie. Hy kom tot berusting teenoor God en aanvaar Sy leiding. As hy twaalf jaar later sy dood in die golwe moet vind, bid hy ootmoedig tot God:

Leer u my bid; bid, bid U self in my,
en laat my dank dat U my vasgekeer
het en gevang, dat U my hart sy sin
geweier het tot op sy sterwensuur.

Na die vergestaltungs-dramatiek van *Raka* en *Dias* kom Van Wyk Louw soos in *Gestaltes en Diere* weer eens in *Nuwe verse* in ’n suiwer subjektiewe verhouding tot God.

Deur die heftige momente en die gespanne kontrapuntiek is *Die Doper in die Woestyn* die enigste gedig in hierdie bundel wat nou verwant is aan die „twis-met-God”-verse van vroeër. In die verstrengeling van die menslik-persoonlike en die deur God-bestemde lê die botsingselemente. Die Doper skilder die afskrikwekkende toestande in die land van die Here en werp beskuldigings teen Hom. Hy voel soos ’n eensame wat enkel skreeu tot God sonder om verhoor te word. Dan oorweldig die vrees hom, en hy voel dat die toorn van God alles kan uitwis:

Verdamp ons en verwaai ons, God,
... en maak vir U
uit hierdie klippe ’n ander volk.

Sy persoonlike nood styg ten top, hy is slegs „die dors, die gil”, dan ryp dit en mond dit uit in die vermoede van meer as instrument, medewerker, wegbereider te wees. Dan breek die visie op die komende Christendom as voltooiing van God se Raadsplan deur. Hierdie deurbraak van die worstelaar met God geskied weer eens op irrasionele wyse:

U, U is my woestyn, my dors,
U onvoltooide raadslag is
bloed, longe en hamer en my bors;

O God, U is my duisternis;
ek gryp verwilderd en dis U
wat in my leë hande is.

In die „metafisiese voorspele” in die bundel is Van Wyk Louw worstelend besig met ontologiese probleme. Dit is deur en deur filosofiesgerigte poësie, waarin die gees en die hart en die bloed van die homo sapiens betrokke is — daardie noodlottig strydende drie-eenheid. Tematies sluit die verse nie aan by die mens-Godgedigte nie, maar die geworpe-mens-in-sy-gespletenheid is die enigste onderwerp. Dit is juis in ’n „aardse drif”-gedig by uitstek, *Die dye trek die dye aan*, waar die digter onverwags teenoor God in opstand verkeer:

en heel die driftige verband
laat stort U oor U glas se rand.

Die geding met God is nie finaal besleg nie; trouens uit hierdie koeplet blyk dit dat die einde van die kryg nie in sig is nie; intendeel, die spanning bestaan net so hewig soos in sy eerste bundel, tans slegs op ’n ander, ontologieser vlak.

So het Van Wyk Louw teenoor die teïstiese God in velerlei houdinge te staan gekom: nou is hy die geroepe profeet wat opdragte van God ontvang, dan tree hy met God in felle geding; nou is hy die waansinnige omdat die spanning breekpunt bereik het, dan bereik hy die oplossing in die paradoksale van die irrasionalisme; nou mag hy vanweë sy hoë roepingsbewussyn tot God gaan, dan oorweldig sy skuldbesef hom.

Steeds bly die digter die soeker, lewe hy in die „onseker-te”. Aanvanklik wou hy God bereik hoofsaaklik deur die intuïtiewe, die irrasionele toenadering; later word dit ’n worsteling met God om God, stry hy soos ’n Job, ’n Jesaja of ’n Jeremia, stry hy om die Dieper Reg te erlang soos ’n Kafka of ’n Van Eeden. Hy vind God egter nooit soos Hy in die Christendom gevind kan word deur Christus wat die God-met-ons in die Tyd geword het nie, want hy verwerp Christus as Godmens en beskou Hom as die historiese Jesus wat as gelyke profeet uitermate moes ly — „’n episode en ’n agonie”.

Die angs- en die skuldbesef word by Van Wyk Louw 'n universele ervaring wat die enkeling bo die massa verhef, maar wat tog met deernis teenoor hulle vervul word. Die menslike aardsgebondenheid is in hom egter so 'n groot mag dat dit sy hele wese dinamies beïnvloed. Aanvanklik het hy hom nog daarteen probeer verset, in 'n volgende bundel het sy God-soeke oorheers. In *Gestaltes en Diere* neem die aarde, die dierlike, die Bose, die Gryse al meer sy aandag in beslag totdat dit ekstasies in die aardse besetenheid eindig (in *Die swart luiperd*). In *Raka* oorwin die aardse, die donker-biotiese, en is die oorwinning oor die hemelse volkome. In *Nuwe verse* worstel die digter nie met God om God nie, maar is hy betrokke met ontologiese poësie, die metafisiek van die Synde. Waar die mens as syn worstel met die komponente bloed, hart en gees, is dit veral die bloed, die aardse drif, wat die hooftema in hierdie poësie vorm. Die indruk, wat reeds in *Raka* en in *Gestaltes en Diere* gewek is as sou Van Wyk Louw die stryd teen die hemelmagte gestaak het en vol verwondering teruggekeer het na die bekende dinge van die aardse, van die syn, is hier bevestig waar die digter nou veral delf in die synsleer. Die mens is vasgerank in die Bose, in die oerdrifte waaruit hy hom nie kan bevry nie, wat dan ook nie teenstrydig met die goddelike is nie behalwe as dit Christologies beskou sou word, wat Van Wyk Louw in elke geval verwerp.

Die Bose by Van Wyk Louw is die ondergrond in die lewe van die mens waaruit hy gegroei het. In die synsgronde van die eie wese is sowel die goddelike as die demoniese, sowel God as Sy skadu, die Bose, altyd aanwesig. Soos 'n obsessie word die Bose „in die grys-wit groewe van die senuwee” saamgedra, dit betrek die hele skepping, tot God self ook. Hierdie Bose word deur die digter altyd evolusionêr gesien, soos in *Ballade van die Bose* en *Raka* en retrogressief evolusionêr in *Die swart luiperd*.

Hierdie begrip van die Bose by Van Wyk Louw is reëlreg in stryd met die tradisionele Afrikaanse beskouing.

Van Wyk Louw is die rebel wat teen die gevestigde en die geordende in opstand gekom het, wat hom verset het teen die „wetmatige” en die „starre sekerhede” en die „wetenskaplike”. Hy laat tradisionele waardes wankel; vaste wetes word stukkend geskeur sodat slegs die skipbreuk van alle sekerhede oorbly: die „onsekerthe” (soos hy dit self stel) is die enigste sekerheid. As gevolg hiervan is die digter gevange geraak in die oerangs, die irrasionele,

die teenstellende wat hom na hoogspannings voer. Uiteinde-
lik is dit die beeldgewing aan die mens-syn wat die inhoud
van sy gedigte oorheers.

Naas die teïstiese godsbegrip wat Van Wyk Louw in sy
verse vaslê, huldig hy 'n monistiese beskouing wat in 'n
hele paar variante vorme vergestalt word. Hy is die soeker
wat geslinger word van die een wysgerige stelsel na die
ander; die platonisme van Boutens, die mistisisme van Jan
Luyken, die substansieleer van Spinoza, die estetistiese
panteïsme van Shelley, die kreatief-evolutionistiese godheid
van Goethe en die voluntaristiese en vitalistiese panteïsme
waar die Wil en die Daad die Bron van alles is.

Soms heers daar nog 'n opvallende verwarring tussen die
teïstiese God en die monistiese godheid, soos in die *Ballade
van die Bose, Die Dieper Reg* en ander verse.

Die kreatief-evolutionistiese godsbeeld oorheers by Van
Wyk Louw. God evolueer uit die anorganiese tot die
organiese, uit die organiese tot die plant- en dierelewe,
vandaar tot die mens, in wie egter nog steeds die biotiese
ondergrond, die laer vorme waaruit hy gegroei het, aan-
wesig is), vandaar tot die godheid wat ook nog tot 'n hoër
stadium skry. Die wordende mens en die wordende God is
steeds verbonde aan die Bose, die ondergrond van alles wat
bestaan.

Hierdie donker-biotiese kragte as grond van alle wor-
dende lewe oorheers soms wanneer die „Bose” die oorwin-
ning oor die goeie behaal soos in *Raka* en *Die swart luiperd*,
waar die digter retrogressief evolutionisties die afstroping
van die mens uitbeeld tot by die diepste lae van die onder-
bewuste wat ooreenstem met die Niks en die Waansin.

Eugène N. Marais is die eerste digter vir wie God in 'n
krasse transendentalisme verwyder is van Sy skepping.
Teenoor hierdie teïstiese God staan Eugène Marais met die
verwyt en die aanklag dat Hy nie die lyding van die siek
kindertjies en die onskuldig sterwendes wil aanskou nie,
maar intendeel Sy eie vreugdes wil belewe. In die plek van
God wat deur Marais uit die ander pool uitgesluit word,
kom die Dood, totdat die spanning deur die algehele uit-
wissing van die syn finaal opgelos word.

Die „geding met God” word by Toon van den Heever
verklaar uit sy onvermoë om die tradisioneel Calvinistiese
godsbeeld met die nadruk op die predestinasieleer te aan-

vaar. Hy is in opstand teen hierdie God, hy twis met Hom, en kom in verset teen Sy bestier en teen sy gedistansieerde afsydigheid. Hy het hartstogtelik geworstel om die sintese te bereik tussen die liefdevolle Vader en die vergeldende, predestinerende God wat Sy strafgeding tot in ewigheid laat voortduur, dog sonder welslae. Die tragiek van sy worsteling met God lê in die wese van daardie worsteling opgesluit: hy was gedoem om tot aan die einde in 'n geding met God te verkeer en om terselfdertyd nooit van Hom los te kom nie. Nooit kon hy Hom ontken nie; nooit kon hy tot berusting kom nie. Die spanning in die mens-verhouding neem in heftigheid toe weens die onoplosbaarheid daarvan, soms soek hy die antwoord in die waansin, maar ook dit verseker geen rus nie.

W. E. G. Louw huldig die tradisioneel Christelike gods-begrip wat hy na 'n hewige worsteling aanvaar het. Sy stryd met God word afgewissel deur oomblikke van berou en deemoed, trotse opstand word gevolg deur oorgawe en skuldvelydenis. Louw se twis met God is minder intellektueel as dié van Toon van den Heever; dit is veel meer veroorsaak deur sy impulsiewe erotiese hartstog. Die mens staan in sy erotiese genietinge bipolêr teenoor die teïstiese God-in-Christus. Teenoor God staan Eros, en tussen die twee pole word die digter geslinger. Aanvanklik word geen sintese bereik nie. In Louw se tweede bundel vind hy 'n oplossing vir die stryd deur die misterieuse ingryping van God in sy lewe, waardeur hy uit die aardse beklemming verlos word deur die uitskakeling van die erotiese. In *Adam* kom die tese (mens-in-Eros) in die Antitese (Cod) tot sintese: die mens aanvaar God as sy Verlosser, met Eros as ingeskape in die mens. Hierdie verhouding tot God bevestig Louw in sy *Bybels en Babels*.

In die polêre spanninge by Van Wyk Louw is die menslike pool die mens-in-die-aardse. Waar W. E. G. Louw die erotiese in die menslike pool bestry het, dit aanvanklik oorwin het en later daarmee versoen is ter oplossing van die spanning, word die aardse by Van Wyk Louw al sterker, neem dit besit van hom, oorweldig dit hom in *Die swart luiperd* en *Raka*. Die stryd met God word in werklikheid 'n stryd met projeksies van die eie ek, met alter-ego's wat deur spieëls teruggekaats word, met laere syndes wat deur die afstroping van die syn blootgelê word.

In sy eerste bundel staan S. J. Pretorius vol deemoed en berusting tenoor die Christelike God. Later tree hy ook in 'n geding met God wat dan vir hom in 'n krasse transendentalisme gehul is. God swyg en reageer nie op die mens

se geroep nie. Pretorius werp felle beskuldigings teen Hom in *Die swygende God*. Hy worstel om tot berusting te kom; as die „vermink-geslaande” wil hy in die Godsbestier berus. Die ongerepte naïewe jeugverhouding tot God beskou hy as die ideale toestand wat nagestrewre moet word.

I. D. du Plessis se verse is nie metafisies-religieus problematies nie. In sy soeke na God hunker hy om God bo die ruimte en die tyd te vind, om agter die „Swart Gordyn” van aangesig tot Aangesig voor die Groot Musikus te staan. Soms is hy magteloos om die Godsbestier te verklaar: die drange in die mens waarin hy worstelende bly, is tog deur God in die mens ingeskape.

Soms ervaar Elisabeth Eybers 'n rustelose drang om hierdie tydelike omhulsel af te lê en die Anderkantse Rus deelagtig te word. In haar laaste bundel *Die helder halfjaar* kom sy asof ontgoël teenoor die ou waardes te staan. Haar kinderlike vertroue in God en in Christus het sy klaarblyklik verloor.

Die mens, 'n banneling uit die paradys, sal dit nooit weer beërf nie, maar in die plek daarvan wag die uitwissing, die dood, as besliste eindpunt van die mensbestaan.

Ernst van Heerden is aanvanklik die berustende digter wat in 'n harmoniese verhouding tot God te staan kom. Dan oorval 'n metafisiese soeke hom en ontstaan 'n stryd teen God — grootliks in navolging van Van Wyk Louw met sy individualistiese, Nietzscheaanse trots. As hy God uitdaag tot die stryd, soek hy sy verweer hoofsaaklik in die sekerheid van sy liggaamlikheid. Dit blyk egter ook volgens sy eie bekentenis, dat sy geding met God grootliks 'n camouflaage was waaronder hy sy eie weerloosheid voor God probeer verberg het. Die Christusfiguur word op 'n verwarrende wyse met sy eie alterego geïdentifiseer. Die angfenomeen neem ontstellende afmetings by hom aan: dit bring 'n innerlike krag in die aangesig van die Dood, wat eintlik 'n voortdurende afsterwend-lewe is. In die angsbesef en die doodspanning gryp hy na die ewigheidsdrang as behoudende faktor: hy wil die bestaan-in-die-tyd perpetueer — die tyd moet in tydeloosheid vasegryp word.

S. V. Petersen kom teenoor die tradisionele God te staan. Sy opstand en klag is hoofsaaklik gebaseer op die verwyte van die gedoemde „stiefkinders”. Die geding word grootliks getemper deur sy bewuste pogings tot bevryding uit die self om met God versoen te word.

G. A. Watermeyer sien die mens as heerser oor die skepping volgens opdrag van God, medeverantwoordelik vir die geskapene, medeskuldig aan die skepping. In die

oerskuld wat Watermeyer beleef, is die bekommernis van die mens om God ingesluit en is die syn van die mens 'n eksistensiële syn-in-die-skuld.

Bartho Smit hunker na God as 'n verlossing uit die eensaamheid wat hom benouend kom knel.

Vir Peter Blum is die menssyn die enigste grond vir al die gebeure in die tyd waarin die enigste werklikheid te vinde is. Die mens is ontdaan van sy ewigheidsin; die goddelike kontrapunt is uit sy lewe geweerd. Net so is die medemenslike Umwelt gestroop van sy bestaan. In sy naaktheid staan die mens daar in sy wrange sinisme, „voortgesleur in die duister”, oorval deur die angs om die Nihilisme. Die digter staan voor die gordyn waaragter slegs die Niks is. Daarom spot hy met die naïwiteit van diegene wat nog glo aan 'n „kuise lewenswandel”, of wat die gebeure in die tyd toeskrywe aan „Godswil”, of wat geloof heg aan die ewigheid — „'n njeukery, 'n verknôsing”. Soms verval sy nihilistiese beskouing in 'n afsigtelike dekadensie, veral in sy beskouing van die wellusdrange by die mens, die verheerliking waarvan in die plek van die ewigheid gestel word. In die plek van God het by dié digter die Nihil gekom, die ateïsme van die onverskilligheid.

Ook Ingrid Jonker worstel om „vormloos en sonder God” die eksistensie te deurgrond. Sy is die ontgoelde, die siniese mens wat in 'n ontsettende alleen-wees in die geestelike dampkring van die Nihilisme alles van haar stroop.

Abraham Fouché is besete met die onsterflikheidsdrang. Die uitwissingsmotief word 'n vreesobsessie waarvan hy nie kan ontkom nie, en daarom oorheers die gevoel van ydelheid.

R. K. Belcher word geslinger tussen tradisionele aanvaarding en 'n epigonistiese verwerping van God; tussen 'n Calvinistiese beskouing, 'n deïstiese diastase en 'n Nietzscheaanse plaasvervang. In die plek van God wat „dood” is, soek hy 'n God in die strate, in brandewyn, in vrouelippe, in die „ek”, soos 'n Kloos. Hy soek die „Eden” in die straatvrou. Met Christus word afgereken in navolging van Van Wyk Louw en Opperman, maar nou in 'n dekadente banaliteit.

Pierre de Villiers is nog epigonistieser as Belcher, waar hy sy stryd teen God „verwoord” op die patroon en selfs in die woorde van N. P. van Wyk Louw en andere. Die geveg ontaard in 'n skyngeveg wat nêrens heen lei nie, en die sogenaamde berusting is eweneens 'n camouflagede. Christus word ook met die „ek” vereenselwig.

Vincent van der Westhuizen kom meestal in die tradi-

sionele berustende verhouding tot God te staan, met die aanvaarding van die Bybel, as die Woord van God en van Christus as die Seun van God wat as mens in die Tyd en die Ruimte verskyn het. Soms belewe hy 'n stryd met God, maar dit is hoofsaaklik 'n stryd om tot berusting in God te kom.

So het die „geding met God” wat vyftig jaar gelede deur Eugène Marais ingelui is, en tot 'n onverwagte hoogtepunt in die gedigte van Toon van den Heever uitgebloei het, in die dertiger jare by W. E. G. Louw tot 'n eg-deurleefde worsteling om 'n oplossing ontwikkel; by N. P. van Wyk Louw is dit omgebuig tot 'n stryd teen 'n projeksie van die „ek”, die alterego wat in speëls op hom afgestorm kom, die naakte „Bose”-ondergrond wat die plek van God as die teenpool inneem. Pretorius verkeer in 'n gewaande stryd met 'n God wat hy nou Bartheaans benader en dan weer probeer vind soos in sy jeugjare. Weens sy vrees vir die tydgebondenheid van die menssyn, worstel Ernst van Heerden om die tydeloosheid vas te gryp en verkeer ook hy in 'n camouflagede geveg met God. Pieter Blum kom teenoor die nie-eksisterende God te staan en word so gekonfronteer met die Nihil en bely die ateïsme van die „Onverskilligheid”. Ook Ingrid Jonker worstel in 'n nihilistiese dampkring, waaruit God uitgeskakel is. Epigonisties, as 'n floue na-galming van 'n N. P. van Wyk Louw word die stryd met God deur 'n paar jonger digters verwoord, meestal ondeurleef, soms as 'n dekadente afrekening met Christus (Belcher) en soms as 'n onegte gedoe (De Villiers).

Die religieuse dampkring van die tradisioneel gelowige Afrikanervolk het diep spore in die poësie gelaat waar die mens nog as kinderlik-afhanklike teenoor God as transendent-immanente Synde te staan kom. Daarteenoor het die ongeloofsliriek sy verskyning in ons digkuns gemaak, aanvanklik as 'n ope botsing met God, later as 'n negering van God in Wie se plek die Dood, die Noodlot, die Niks, of die Alterego gestel is.

J. M. BOUWER:

Vlug van die Blou Voël

*Met die sjabloneer van sonskyn tot opaal
teen swaelblou en karmyne vlerk, sy skal
van koper towerfluit deur die heelal,
wil hy die verste grens verby spiraal.*

*Maar om sy huls knoop onafwendbaar sterk
die halter wat sy vleuelslag inperk.*

Visioen

*Uit tonnells van die nag, as elke ster
so klein en afgemete op sy ver
en vaste baan deur duisternisse dool,
peul basiliske van die vrees en gool
met wêrelde wat sonder ewewig
voor duister spronge van die kennis swig.*

*Ek voel die aarde en die hemel bewe
en sien hoe die Pleiade met sy sewe
wit kristalle waggel, swenk en spat
in splinters deur 'n gaping op sy pad.*

*En Orion se gordel word ontbind,
sy swaard kap magteloos die hoë wind
wat aan die hoeke van die suiderkruis
met skelle fluite hap en pluk en pluis.*

*Ek sien planete kantel, tol en val
met klanke van kristalle teen kristal...
die maan se oog knip toe, 'n blind kol
vervang sy goue kyk en iets katrol
geel drade uit die son en snel
ontvlam die heelal tot 'n ronde hel.*

*Ek sien die kettingspoor van die atoom
en weet ons deel nie meer in God se droom,
maar deur die duisternis in ons sien ek
die aap onnosel lag, sy lippe lek...*

Verraad

*Die slaap het skielik ver gaan staan
op daardie dag se vroeë uur
en deur die ruit het ek die maan
verby 'n doringrank sien skuur.*

*En teen die ruite het die rank
'n duisend kruise uitgehang,
en elke kruis was heg en swart
en elke ligkol vás gevang.*

*Dit was so snaaks en onbekend
dié kruise uit die rank gedraai . . .
tôe, eer die slaap terug wou kom,
het érens luid 'n haan gekraai.*

J. RAUBENHEIMER:

Die Alwyn

Waar alles grys en vaal is,
die rante yl en kaal is,
die distel en die doring
as ongekroonde koning
waghou oor die vaal Karoo,
daar staan die alwyn-spruite
met wortels in die kluite
en deel sy floue geure,
sy rooi en goue kleure
vrygewig met die kriekies
en al die kokkewietjies,
maar hou deur al die jare
die bitter in sy blare.

Die Eik

Dis soveel jare al dat jy
so vas en stewig staan,
jou stam met elke jaargety
al dikker groei en grof
gepantser word met ruwe bas.
Jou wortels boor maar deur
en strengel in die aarde vas
dat jy jou takke fier
die wye hoogtes in kan stuur.
Ja, selfs die oostewind
met al sy spoed en wilde vuur,
sy woeste vaartgeweld,
moet rukkend teen jou takke stuit.

En tog, een aand, dit was al laat,
het ek dit self gehoor
hoe sag die suidewindjie gaan
oor tenger grassies heen,
en suisend deur die stille nag
'n hele ruising bring
in daardie digte blarevrug.

Die Digter

*Sekuur-egaal die slag van staal op staal
in hierdie só bedrewe smede-spel
waaronder smeltend-wit allooië snel
vervloei, vervorm en soos as vervaal.
Met elke hamerhou dan skiet 'n vonk
in duisend flitse teen die swart uiteen
en strooi omheen 'n silwer sterrereën
hier in die smid se donker sink-spelonk.*

*So spat daar telkens van die digtersiel
'n sprank van lig in glansend skone gloed
met elke stamp en stoot van hierdie oord,
en ets vir ons die lewe in profiel —
dis poësie, die lewenseb en -vloed
deur digtersiening ewiglik verwoord.*

DAVID H. STEENBERG:

Lewe

*HY dwaal
en bars in grou metaal
deur lug wat buld'rend sywaarts stort
om hom, die heerser, deur te laat.*

*HY soek
en met sy swaar pilarevoet
word die aardkors platgedruk,
misvorm in die duister ingeruk.*

*HY kyk
na sy Narcissus-beeld
wat kaats uit die slangswart spieël.*

*HY smag
en met hom saam die blink heelal
tot by die groter mag se knal.*

N. A. COETZEE:

Die Boomjare

In die dae toe ons nog klein snuiters was het elkeen sy eie boom gehad. Na regte bly daardie geliefde boom 'n geestelike besit solank ons lewe.

Boomklim is by ons almal aangebore, dis 'n merkwaardige verskynsel wat tog sy betekenis in die menslike lewe moet hê! Selfs wanneer die liggaampie nog in die vierbeen houding rondgeskuif moet word, begin ons al klim, al moet daar net by 'n stoel opgesukkel word om te toon waartoe 'n mens in staat is. So gou ons hande egter vir hoër dinge vrygekom het, kan doelbewus 'n regte boom opgesoek word, om met bonsende hart sy skurwe stam met beide arms en bene styf te omhels en daar vas te klou tot jy van moegheid vinnig afskuif weer tot op die aarde! Boem!

Dan word daar vir 'n paar dae ongemaklik op die aarde rondbeweeg sonder nerwe op die binnebond. Dit was die swakheid se skuld en moenie dink dat die geliefde boom daarvoor beskuldig word nie! So gou die rowe afgeval het, word 'n tweede poging aangewend om van die aarde af weg te kom!

Gelukkig is die meeste bome se takke maklik bereikbaar, ons was altyd maar te ingenome as die boom 'n ordentlike mik naby onder gehad het, sodat die aarde sonder veel moeite verlaat kan word. Dit was dan vereers hoog genoeg, jy was selfvoldaan om in die eerste mik te wees, maar tog ongeduldig om te wag tot die volgende paar melktande uitgekrom het voordat die tweede mik gehaal word. Die groot ideaal was om regtig in die takke te wees, daar kon jy meer tuis voel!

So het ons met die jare al hoër en hoër gekom om eindelijk die hoogste tope te bereik so by die tien jaar oud, die normale toppunt van die boomjare in die mens se lewe, voor die groot afklim in aanvang neem. As met daardie ouderdom nog nie voldoende wysheid vir die lewe op aarde geleer is nie, dan was dit eenvoudig net omdat ons nie genoeg in die bome rondgeklouter het nie.

Sommige moet egter vóór die sielkundige oomblik gans te vroeg begin afklim op bevel van ons ouers. Sowaar dan het jy vir altyd iets verloor van die nodige lewensopvoeding, want die boomjare bring veel oorleg en wysheid, behalwe die noodsaaklike liggaamlike ewewig, taatheid en ontwikkeling wat nodig is vir die latere lewe as mens op

die aarde. Elkeen moet eers geestelik die volheid uit sy boomjare ondervind voordat hy regtig mens kan wees!

So het my ouboet, my ousus en ek, toe ons nog baie klein was saam in die bome rondgeklouter. Mettertyd was dit ook nie meer somer klein boompies nie, nee magtige reuse van bloekombome se gladde kaal regaf stamme het ons naderhand opgeveil om die wyd oorhangende takke te bereik. Ons het in die môre vroeg die pap vinnig ingesluk om stilletjies soos drie groot spelde uit die huis uit te verdwyn bome toe. Die behendigheid het gestadig toegeneem sodat ons mettertyd volgens ons eerlike kinderlike oortuiging die moeilikste klouterwerk sonder enige lewensgevaar kon volvoer. Iedereen ondervind egter sy benoude oomblikke wat lewenslang in die herinnering bly kleef as 'n grootse vreugde.

Elkeen van ons het sy eie ryperd gehad, natuurlik op die verste veilige eindpunt van een of ander dwarstak, van waar ons goed bedek tussen die blare en fyn takkies ons verbeelding skiet kon gee. Soms het ek met my ou swart psalmboekie se slap omslag tussen die tande vasgebyt die boom opgeklouter, want ons moes noodsaaklik kerk toe op die dorp — en het dan by gebrek aan 'n predikant daar tussen die takke self die diens waargeneem vir my ousus as enigste suster van die gemeente. Sy moes aandagtig toehoer, terwyl ek penorent my nodige ewewig op die wiegende preekstoel probeer hou het. Nou en dan moes ek die diens noodgedwonge onderbreek as ek hande en voete om die tak moes vasgryp om my waardigheid en lewe te red, met die psalmboekie weer blitsvinnig tussen die tande, om dan behendig 'n horrelvoet om die tak te haak vir 'n vinnige omswaai, sodat ek weer die predikantshouding kon inneem voordat ek met die diens verder aangaan.

As Moeder ons dan vir middagete begin roep, het ons amper van die skrik afgeval, skielik die plegtige gesang onderbreek om doodstil tussen die blare te word. Dan het ons soms, as die aarde nie te ver weg was nie, vinnig na die eindpunt van die tak beweeg om met volle lengte oor te slaan, af te hang en die sprong na die grond toe te waag voordat ons antwoord gee dat ons kom. Meermale het ons in die somer van die verpligte middagslapie weggesluit na die bome toe om dan ongehinderd tot koffietyd verder te kan speel.

Een van ons bome se takke het oor die steenkoolkamertjie se dak heen gegroei, sodat ons maklik op die sinkdakkie kon oorklim en daar heeltemal afgesonderd van die aarde ons eie huis met die poppe en dolosse kon inrig. Hier kon

ons sonder enige lewensgevaar voortgaan met die beoefening en deurlewing van die meer belangrike gebeurtenisse wat vir ons op die aarde sou wag as ons eers vir goed daarop sou afdaal.

Ons het die poppe gedoop, hulle later in volle seremonie met mekaar laat trou, as hulle siek was het ons hulle gedokter en eindelik as hulle afgeleef is by oorlye begrawe. By so 'n geleentheid moes een van ons vinnig 'n handvol stof op die grond gaan opraap, vir die plegtige simboliese gebruik as die oorledene se dooie liggaam behendig tussen die blare deur van die dakkie af tot op die aarde laat val word, waar alle grootmense, afgeleefdes en afgestorwenes tuishoort. Ons egter het onmiddellik daarna, uit vrees vir die aarde, so hoog as moontlik in die boom verder opgeklouter om ons speletjies in die hoogste takke veilig voort te sit. So deur die „Rus my Siel” het ons met stofbesmeerde hande die trane in die klouter afgevee want ons moes hardop huil by so 'n begrafnis. Hoe hoër ons gegaan het, hoe meer het die leed versag, tot ons al blakende die wêreld daar van die hoogste hoogtes af met 'n stralende kinderlag kon begroet.

„Wat op áárde het julle vandag aangevang dat julle gesigte so besmeer en julle klere so geskeur is?” So het Moeder dan in die aand in die badkamer gevra! Wat kon ons antwoord? Ons was so te sê die hele dag glad nie op die áárde nie! Ons kon maar net stilbly om die straf en seep geduldig te verdra. Dít het ons maklik oorleef, oortuig dat die fout by die aardse beskawing lê en nie by ons met ons boomspeletjies nie!

Soms het hulle van ons geliefde bome omgefel, dan was dit regtig begrafnis in ons harte volgens ons eerlike kinderlike oortuiging. Die trane moes ons egter haastig wegvee en vinnig padgee voor as die reus begin te kantel — om met 'n sierlike boog in sy volle lengte voor ons oë neer te slaan. Dan was dit dadelik koninkryk, want tussen die blare en takke wat nou digter opmekaar gelê het, kon ons rondklouter, hierdie keer sonder veel lewensgevaar en waarskuwings van ons ouers. 'n Omgekapte boom is nie gevaarlik nie! Ons was verheug, die ouers het hierdie keer verstandig geword! Ons het wegkruipertjie gespeel en pragtige huise tussen die takke en blare gemaak, daar was geen einde aan die laaste plesier wat ons uit die gevalle reus kon haal voordat die blare begin verlep het.

Die skool het eerste my ouboet gevang, ek en my ousus het darem nog in die bome oorgebly. Later het net ek in my geliefde boom agtergebly, ons was boesemvriende. Maar

sels die skoolgaan kon nie ons boomspeletjies dadelik demp nie. Intendeel, ons kon 'n baie aangenamer skoolspeletjie bo in die takke voortsit. Die leesles is in die bome geleer, die somme kon gerieflik bo op die kolekamertjie se riffeldak gedoen word, mooi netjies met pen en ink, terwyl ons nog al die tyd tussen die takke is. As die rekenwerk te moeilik word kon jy altyd hoër opklim om hulp uit die hoogte te haal. In die bome was alles altyd beter as op die aarde! Daarvan was ons oortuig! Ons boomjare was ons droomjare, die aarde met sy werklikheid het ongekend onder verbygegaan, terwyl ons al die tyd in ons lugkastele tuis was! Sou die boomjare vir altyd aanhou?

Nee, ons was voorbestem vir die aarde en die lesse van die lewe moes ons leer. Gelukkig is hulle wat die dure ondervindings van die menslike bestaan van hulle geliefde bome kan ontvang! Dit het eendag onverwags in sy volle werklikheid skielik oor ons gekom, en juis toe ons dit die minste verwag het!

In die skoolvakansie het ons drie toestemming gekry om saam met outa Jantjie en outa Jafta lande toe te gaan waar 'n paar bloekombome afgekap sou word, om hulle met die osse na die huis toe aan te sleep vir vuurmaakhout. Die opgewondenheid daardie heerlike sonnige someroggend het uit die kinderoë gestraal, dit sou 'n heerlike piekniek wees, ons het ook padkos en drinkwater saamgeneem. Nadat die gewone veiligheidsbeloftes aan Vader en Moeder gemaak is, kon ons die lang trekketting opneem om self die agterhoede te vorm, sodat die twaalf osse darem iets kan trek, soos dit 'n os betaam wat sy sout werd is.

Ons was so te sê die bome self wat die osse netnou sou terugsleep, alhoewel elkeen gesorg het om op sy twee onderste takke te bly solank hy aan die trekketting vashou. Maar bome was ons beslis, eintlik boomstompe, want het elkeen nie vier takke en twintig blare gehad nie, behalwe 'n paar knoetse van minder belang? Die reis na die lande toe was een groot vreugdevolle worsteling met die twaalfstuks voor, tot die trek by die twee bome aangekom het, wat daar soos eensame reuse op die oopveld gestaan het.

Ons kinders kon nie met die uitspan help nie, aldrie was reeds in die takke! Elkeen wou vir laas voel hoe so 'n boom klim, ons wou namens die bome afskeid neem van die hoogtes, voordat hulle vir goed met volle lengte tot die aarde en die stof terugkeer. Die heerlike ryperde sou vir altyd verdwyn, ons wou hulle vir oulaas nog ry dat die sweet so aftap. Aldrie het daardie laaste oomblikke woes rondgeklouter om die behendigheid wat ons deur al die

boomjare opgedoen het tot op die uiterste proef te stel. Ons het selfs 'n brug tussen die twee bome ontdek, waar die dun takkies en blare bymekaar kom. Almal moes op een of ander manier oor die brug kom, al moes ons eers 'n paar keer goed mik voordat die sprong van die een slap tak na die ander gewaag word. Volgens ons eie oordeel het ons nogtans alle veiligheidsmaatreëls volgens die beloftes aan ons ouers nagekom, die bewys daarvoor was dat nog nie een uit die hoogtes te hard op die aarde geval het nie.

Ons moes egter afklim, dit was die duidelike bevel van outa Jantjie, wat as voorman oor ons gestel was, want hulle wou begin kap. Nog net 'n bietjie rondklouter, nog 'n bietjie opklim tot in die hoogste toppe, nog 'n bietjie perdry ... die outas moes eindelijk die byl begin inlê om ons af te dwing, om ons te oortuig dat sake 'n ernstige wending neem, aarde se kant toe. Nog het ons 'n laaste rukkie bo gebly om die trilling van die reus aan te voel as die houe een vir een aan sy voet val!

Eindelijk toe ons as gevolg van die dringendste waarskuwings op die aarde aanland was dit te vroeg, hulle het die gevaar oordryf, die stam was nog nie eers halfpad deurgekap nie. Dadelik het ons in die tweede boom opgeklouter, om die eerste reus vanuit die hoogste hoogtes te sien val. Daar was die ligte trilling tot in die fyn heldergroen blaartjies van die toppunt as die bylhoue val, dan die skielike kanteling met miskien 'n effense aarseling, gevolg deur die magtige omslaan, al vinniger en vinniger met 'n groot boog weg van ons af, om met oorverdowende slag op die aarde neer te slaan dat die takke so kraak — om dan stil te bly lê.

Dit was die einde van die een, hulle kon dadelik met die ander een begin. Hierdie keer wou ons 'n bietjie langer in die takke bly, elke keer as die waarskuwings van onder af opklink, moes eers 'n spioen afgestuurd word. Toe die laaste oomblik aanbreek is daar gelyktydig deur drie haastige koppe 'n afklimplek teen die stam af of andersins gesoek ... toe ons grondvat moes die bene oor die kluite gedra word om buite bereik van die vallende takke te kom. Met bonsende harte kon ons hierdie reus van onder af sien neertuimel soos 'n groot sweep, en val dat hy wip. Skaars was hy met volle lengte op die aarde of aldrie was al weer tussen die takke om te voel of die ryperde nog ryperde is in hulle nuwe houding. Elkeen het vir hom 'n huis tussen die blare gebou terwyl die osse ingespan word, ja daar is heerlik tussen die takke piekniek gemaak. Ons was

oortuig dat dit 'n volmaakte dag van pret en klouter geword het. Die aarde was nou ook so naby, alle gevaar vir ongelukke was reeds uitgeskakel. Ook was daar die lang sleeptog huis toe om na uit te sien, voorlopig kon ons nog nie bedink welke pret hieruit gehaal sou kon word nie. Die sleepbeweging van die blaremassa sou egter alreeds 'n fees vir die kinderoë wees om te aanskou.

Toe die stompe langs mekaar gesleep en saam met die trekketting vasgewoel was, kon mens duidelik sien dat dit eintlik 'n tweebeen slee sou wees. Die groot wegtrek het aangebreek!

„Jannewarie, Blouberg, Witvoet! Swaartrek, kom nou!”

Ons het saam gehelp met die drywery, stadig maar seker het die hele massa in beweging gekom! Outa het ons egter beveel om liewers agter die bome te gaan loop, iemand moes tog nie voor die takke struikel en val nie.

Ons het begin deur die agterste blare vas te trap, sodat nou en dan een neergeslaan het as sy voete onder hom uitgeruk word. Dit was groot pret! 'n Beter plan is gemaak. Aldrie het 'n endjie dieper op die blare en fyn takkies gespring en daar ry ons heerlik! Dit was groot vreugde! Ons het egter gevoel dat mens se bas hier en daar met die verbyskuiwende grond in aanraking kom, wat ons later duur te staan sou kom. Elkeen het ietwat vorentoe geklouter om op 'n taamlike stewige tak 'n sitplek te verower. Daar sit ons toe op die heen-en-weer wiegende en op-en-af springende ryperde, net wat 'n kind in sy boomjare sou begeer, sonder die gevaar dat ons velle of klere deur sou skuur. Dit was kinderhemel! Ons harte het oorgeloop van vreugde, mens kon skaars asem kry van die geruk! Die bomemassas het hulle vaste sleep al gekry, sodat daar met veiligheid in die boonste takke rondgeklouter kon word.

Elke keer het een ongesiens vorentoe beweeg, ons was eintlik besig om die bome vir een keer in die lewe van die toppunt af te beklim, stamaf na die dik kant toe! Hier en daar het een dit gewaag om van die een stam na die ander oor te klim, daar was genoeg takke om aan vas te klou, ons was versigtig om geen misstap te begaan nie. Jy moes net van die verbyskuiwende aarde af wegbly! Alles was veilig!

Op daardie oomblik het ons lugkastele skeef begin loop, 'n skuinswal af, die een stomp het reg van voor 'n harde klipbank getref, met die gevolg dat die twee bome 'n skielike ommekeer, ja die grootste omwenteling van ons lewe gemaak het! Eintlik het hulle van plek verander,

die een het bo oor die ander omgeslaan, en miskien nog 'n keer omgerol want hulle moes 'n nuwe sleep op die aarde kry, terwyl die twaalf osse voor hulle uiterste kragte ingespan het om die geweldige ruk van agter te bowe te kom. Toe outa Jantjie besef wat gebeur, het hy sy stem en fluit verhef om die trek tot stilstand te bring, terwyl outa Jafta vinnig voorom moes hardloop om die osse in hulle ywer te bedwing . . . maar dit was reeds te laat, sommige van ons het klaar deurgeloopt, stamaf, of was dit stamop, om agter op die groot sleepsel te bly lê!

Die laaste wat ek kon doen was om die takke te los, my lyf slap te hou en te hoop dat ek deurval tot op die lieue aarde! Albei my hande het ek bokant my knoets van 'n kop saamgevat om met die arms daardie belangrike deel van my liggaam te beskerm, veral my ore, terwyl ek my gesig so diep as moontlik in die kluite ingedruk het. Die takke het self verder die deeglike werk gedoen om my in die aarde te probeer invryf. Die afranseling het nie lank geduur nie, 'n ewigheid van stampe, stote en skrape het oor my gegaan, dit was die vinnigste en ook die stadigste deur al my boomjare wat ek ooit die takke deurgeloopt het, die enigste keer tot verby die toppunt! Toe was ek agter uit, soos ek gaandeweg sou besef op 'n nuwe wêreld!

Dit het tot my deurgedring dat ek as deel van die sleepsel uitgekom het. My lyf, my velle en my bene, om nie te praat van my kop nie, was te seer om op te staan, outa Jantjie moes my op my voete plaas om seker te wees dat ek nog lewe en dat al my binnewerk nog heel was. My oë was te vol sand om dadelik die verwoesting aan myself te aanskou, daar was min plekke op my lyf wat heel was, my dierbare kop waarmee ek my hele lewe moes dink was vol gate, die bloed het orals begin uitstroom, en my klere was aan flenters. Ek was nog in staat om iets te besef toe hulle my ousus langs my neerlê, sy het dus ook op die sleepsel uitgekom! Sy was nog minder heel as ek, toe ek haar so deur die stof in my oë aanskou het ek haar gladnie herken nie, was dit dieselfde Ousus waarmee ek so heerlik al die jare saamgespeel het? Vir die eerste maal het ek haar as aparte wese raakgesien, ek het haar bitter jammer gekry en getroos, niteenstaande my eie haglike toestand.

Waar bly ons Ouboet dan, het hy dan nie deurgekom nie? Het die stompe en takke hom in die aarde ingedruk en vasgepen? Die twee outas het vinnig tussen die blare begin rondsoek. Nee, hulle moes eers die osse terugdruk om die trekketting van die stompe af los te maak, uit vrees dat die osse dit skielik weer as hulle plig sou beskou om die

trek voort te sit. Daarna het die soektog in alle erns begin. Eindelik het hulle hom gekry waar hy tussen die takke vasgedruk lê, blykbaar bewusteloos of dood. Outa Jafta moes huis toe hardloop om die berig vir Vader en Moeder oor te bring. 'n Vreeslike ongeluk het gebeur! Hoe sal hulle dit aan die Baas en die Nooi kan vertel?

Daar was groot konsternasie by die huis en later by die bome daar op die veld, toe ons arme Ouboet tussen die stompe en takke uitgehaal moes word, hy was so te sê klaar met die wêreld! Ek en my Ousus het nog al die tyd verwese en verslae daar in die stof van die sleepsels gesit. Toe Vader en Moeder aanland, kon ons maar net omdraai en weer gaan lê om die bebloede gesigte op ons stukkende velle teen die stof van die aarde te verberg en bitterlik te huil van die pyn en uit skaamte vir ons onherkenbare toestand.

Ouboet moes met groot omslagtigheid huis toe gebring word, daar was soveel vir Vader en Moeder te doen. Dit was vir my of ek eenmaal in my lewe hulle sorg en liefde vir ons kinders reg waardeer het. Ons twee wat nog kon staan moes ook aandag kry, ons wonde is eers ontsmet, dit was soos 'n tweede groot afranseling. Daarna moes ons toegedraai en toegeplak word, naderhand was daar eintlik min plek aan ons wat by die verbande en pleisters uitgesteek het. Voorlopig was daar geen ordentlike heel oppervlakte aan ons bas waarop mens 'n pak slae vir ons stoutigheid kon ontvang nie. Dit sou tog so welkom gewees het!

Ons Ouboet het meer aandag ontvang. Die dokter met sy lang wit jas het ingekom, hy moes 'n been spalk en wonde verbind, vir 'n halwe dag het hy daar voor Ouboet se bed gebly, want dié was lank bewusteloos en later ylende. Moes die geliefde bome ons laat besef wat 'n ernstige siekbed, ja 'n groot ongeluk, miskien selfs die dood beteken? Vir dae het ons almal getwyfel of ons Ouboet dit alles gaan oorleef!

Die predikant het aangedoen, dit was vir my of dit sy eerste werklike besoek aan ons huis na al die jare was. Ons twee met die verbande moes ook na die voorkamer om hom te groet, ons moes almal na die siekekamer, sy woorde het tot in die diepste van ons kindersiele ingedring. Hy het gelees en gebid, en uit ons harte het ons twee saamgesing, ek kon skaars my mond oopkry met al die pleisters om my kop en ook was my hart te seer, die trane wou net vrylik uitborrel. Die troos wat die dominee gebring het, kon ek aanvoel, wat het dan met my gebeur dat my

hart oordag so groot geword het? In een oomblik het ons verstandig geword, ons het die werklikheid besef!

In my allenigheid het ek telkemale die voet van my eie geliefde boom by die kolekamertjie opgesoek, om maar net teen sy dik stam onder my hart uit te huil oor die groot ongeluk wat ons huis getref het, en om te bid dat ons Ouboet se lewe gespaar moet bly. 'n Nuwe lig het vir my opgegaan!

Gelukkig het ons Ouboet die stof waarin die boomstompe hom wou indruk oorwin. Hy het stadig maar seker herstel, soos die dokter gesê het as gevolg van die ysere gestel wat hy in sy boomjare ontwikkel het. Ons ander het egter geweet dat dit net genade was! Die skrape het mettertyd van aldie af verdwyn, nuwe velle het uitgekome, ons ore was gelukkig nog almal — dit was of ek nou begin verstaan het dat mens ore gekry het om die groot wysheid van ons ouers te kan aanhoor en opvolg. My kop waarmee ek in die lewe sou moes dink was ook nog daar!

Die groot pak slae vir ons onbedagsaamheid het nooit gekom nie, selfs toe Ouboet weer perdfris was en ons weer almal ordentlike slaanplek gehad het, was Vader en Moeder niks kwaad vir ons nie. Dit het ons kinderharte gebreek! Die lewe het weer sy gang gegaan, maar dit was 'n nuwe lewe, alles was anders.

Eendag het Vader voorgestel dat ons drie op die kolekamertjie se dak kon gaan speel, terwyl hy en Moeder vir 'n heen en weertjie na die naaste bure toe moes stap. Aldrie het hom aangegaap, heeltemal verslae? Moes die verlede mens dan agtervolg? Ons wat vroeër so 'n voorstel sou toegejuig het. Ons kon nou beswaarlik weier!

Aan die voet van ons geliefde boom was dit of ons 'n heiligdom betree wat strek tot aan die hemel. Tussen die eerste en tweede mik het ek so 'n aardigheid op my maag gekry, 'n bewerasie van vrees en duiseligheid. Ek moes vinnig weer afklim. Ouboet en Ousus kon ook nie juis vorder met die klimmery nie. Ons het weer probeer en gewonder hoe ons dit vroeër tot bo in die toppe reggekry het. Eindelik was almal bo op die kamertjie se dak tussen die takke waar ons mettertyd aan die speel geraak het met die poppe en dolosse wat al die tyd geduldig daar gelê en wag het. Ons het hulle amper afgesterf. Iets het my te binne geskiet, iets wat ek dringend moes doen as 'n diep persoonlike behoefte, want daar voor my oë het my ou slap psalmboekie gelê, verwaai en verweer na al die dae van verwaarlosing. Ek sou egter graag heeltemal alleen wou wees.

Uit die boomtop het ons die wye groen velde om ons raakgesien, dit was so aanloklik dat ons te bly was toe ons vir Vader en Moeder in die verte gewaar op hulle terugstap. Vinnig het ons afgestyg en hulle tegemoet gesnel oor die oop velde!

My kans het ek geduldig afgewag. Dit het gekom een middag na ete, terwyl ons almal moes slaap op die hitte van die dag, soos die gewoonte was. Stilletjies het ek van my bedjie afgeskuif en uitgesluip, om met die psalmboekie tussen die tande my geliefde boom te bestyg tot op die kolekamertjie se dak, waar ek afgesonder van die aarde tussen die blare en takke kon wees, want dit was nou geen speletjies meer nie!

'n Suiwer ongebroke seunstemmetjie het tussen die digte blare uitgestyg in dankbare boetedoening! Die bladsy in die boekie was van die gebruik en verwaarlosing nie meer leesbaar nie, dit was egter van minder belang, ek het die Pryslied uit die kop geken! Moeder het dit lankal vir my geleer vir die geleentheid wanneer ek dit nodig sou kry in die lewe! Nou het ek die volle betekenis daarvan verstaan! Onder die sing het ek tot heel bo in die toppunt van die bloekomboom opgeklouter, om my pas ontdekte nuwe plek op aarde daarvan bo af met 'n stralende gesig in oënskou te neem!

Daar onder was ons eie huis met Vader en Moeder wat so getrou en met liefde vir ons kinders sorg! Het ek reeds soveel jaar saam met hulle en met Ouboet en Ousus hier in my nuwe tuiste gebly? Sou my siel, soos Vader en Moeder sê, uit die ewigheid, ja van die hemel kom? En al die tyd was ek nog net besig om af te klim?

Dit was vir my vreemd dat ek alles nou vir die eerste keer in my lewe so duidelik en helder moes verstaan!

Met 'n bly gemoed het ek weer afgedaal aarde toe, om getrou op my eie bedjie die middagslapie voort te sit!

KULTUUR-ATTACHÉ?

In dit verband noemde hy het hoogst merkwaardig dat aan de Afrikaanse ambassade in Den Haag geen culturele attaché is verbonden, daarentegen wel een handelssecretaris.

—*Neerlandia*, Nov./Des. 1957, bl. 73.

Oor Boeke

JAN SEBASTIAN RABIE: DAKKAMER EN AGTERPLAAS. (A. A. Balkema, Kaapstad, 1957; 12/6).

Daar is 'n groot verskil tussen *Dakkamer en Agterplaas* en *Een-en-twintig*, die vorige bundeltjie van dieselfde skrywer. Wat die leser onmiddellik opval, is dat die verbluffende fyn-spel van woord en simbool en die verrassende nuutheid — tematologies én stilisties — van *Een-en-twintig* in *Dakkamer en Agterplaas* aansienlik getemper is, ofskoon die ontstaansdatums van die verhale in die nuwe bundel nie aanmerklik verskil van dié in die vorige nie. Op 'n „ontwikkeling” en konsekwensie van die aanslag in *Een-en-twintig* moet derhalwe nog gewag word.

Daar is genoegsaam aanduidinge ook in *Dakkamer en Agterplaas* van Rabie se eksistensialistiese aanvoeling: die mens se geworpenheid in die lewe; veral ook: die mens as verlate van God en naaste. In *Onder die hemel* lê twee beseerdes in 'n ongeluk verlate en weg van pad en lewe, oorstelp deur die besef: „Ons moet ons self help!” (93), en „Daar's niks anders as ek en jy in die hele wêreld nie, Don . . .” (97).

Fyn suggestief word die Godheid ingelê in 'n „drieëenheid” aasvoëls wat oor die ongeluks-toneel neerstryk. In sy verlatenheid is die mens egter selfs van

sy Godsvrees ontdaan: „Wie's bang vir die voëls? Die goed is maar net honger” (97).

Opvallend is dit dat Rabie in hierdie verhaal die vertroosting van die troostelose vind juis in die troosteloosheid van sy toestand: deur aanvaarding van die lyflike betekenis wat die tweetal vir mekaar het; en deur aanvaarding van die sterflikheid.

Iets van dieselfde aanslag is in 'n *Nuwe Kitaar* te vind, waar die verlate mens ondanks sy onderlinge spanninge en stryd tog bly voortgaan op die „donker wil van die gety” (81). Hierdie verhaal is m.i. onnodig „duister” en die woordespel word meer as eens deurgedryf tot hoogdrawende inhoudslose mooiskrywery — naas fyngeslepe kristalle van woordgebruik: „Die water begin fluister teen die kiel, die rivier neem besit van die skuit, die eb-gety sleur hul kragtig mee . . .” (66).

Dat dit die „rivier” is wat „besit neem” van die boot, hang nou saam met Rabie se aanvaarding van die mens se verlies aan eie individualiteit, wat — soos tevore reeds geblyk het, o.a. uit *Die man met die swaar been* — 'n opvallende aspek van meer as een verhaal in hierdie bundel is: in die titelverhaal is dit die trap wat die mens boontoe trek, nie die mens wat dit uitklim nie: „Dit kurktrekker jou boontoe so onhebbelik soos 'n saamgeperste veer” (33).

Elders, in *Kind*, ook in *Bou*, word die mens se behoefte aan individu-wees skrypend gestel teenoor die verlies van identiteit in die verhouding met ander, veral die vrou. In *Kind*, met sy somber en ook sensuele aanslag, kan die man alleen aan sy enkelheid (wat hy begeer) ontkom deur as minnaar op te tree: „Elke keer dryf haar gekrap aan sy eensaamheid hom tot hierdie eis dat hulle maklik stil en een in genieting van mekaar kan wees” (85). *Bou* is veel ligter aangeslaan, maar ook hier word die individuele proses van skepping gestel teenoor vernietiging: onverwagte diepte bring alle lewensprosesse, hoofsaaklik die fynere (nasionalisme) en die liggaamlike (geslag, honger) in die kader van skepvernietig. (Opvallend is dit dat „honger” hier uiteindelik meer word as selfskep). Die aanvoeling, soos by Van Wyk Louw, van plant en dier en mens in een komplekse gestalte is ook in ’n *Nuwe Kitaar* te vind (68).

Van die suiwerste vergestaltung van die konsepsie van menslike eensaamheid en enkelheid is in *Op die berg* te vind, waarin Rabie inderdaad beheer oor gedagte en vorm (veral die baie fyn nuansering van woordbetekenis ten top voer. Wel mag die simboliek soms opsetlik aandoen, maar die verhaal as geheel kan tot Rabie se beste gereken word. Hier word die eensame mens voor die selfopgelegde taak gestel om ’n Alpepiek (vermoedelik) uit te klim, wel wetende dat „daarbo sou dit onmenslik wit en koud wees” (47). Hy besef baie duidelik „hoe veel meer as net die blote klim van die berg dit vir hom

beteken” (55): die oorwinning oor die self, die bekom van eie individualiteit, die vermoë tot selfgelding. Die onvermydelike besef vat egter pos dat sy stryd nie gaan teen die berg nie, maar teen die gids, veral ook teen homself. Die sneeu (dit is deurgaans ’n sleutelwoord met subtiële betekenisvariasie) wat van onder af „maagdelik” en suiwer vertoon en die belofte van siels-ekstase inhou („dit sou brand soos ’n son in sy bors as hy maar net tegelyk alles kon sien en voel en begryp” (50), word uiteindelik verwoesting en ellende. Daar is die uiteindelijke aanvaarding van gemeenskap met ander, met die naaste, in sy naderkruip, in die nag, na die vuur waar die vrou slaap. Hy kom tot die bieg: „Ek’s koud, ek’t na die vuur gekom” (65).

Soos hier mens teen berg, en op vele wyse „kultuur” teen „natuur” gestel word; soos mens teen God, en God by implikasie teenoor dier staan in *Onder die hemel*, word daar in die merendeel van die verhale in hierdie bundel interessante, dikwels dramatiese, jukstaponerings gemaak. Ten beste blyk dit uit die titelverhaal waar „dakkamer” staan teenoor „agterplaas.” Dis egter geen enkelvoudige teenstelling nie, want in die begrip „dakkamer” lê tegelykertyd die ideaal van „hoogheid” en ’n „arensblik” en die realiteit van afsondering en „gesteriliseerde” lewe (33); romanse en eensaamheid; skeppingsmootlikheid en burleske, tog diepsinnig-aangevoelde warmhou van die lyf (vgl. *Stellenbosch, my vallei* in die eerste bundel). So ook is *agterplaas* simbool vir brute, onverfynde lewe, maar ook van aardsgoie

bestaan. Die hele menselewe word dan ligtelik in hierdie jukstapenering ingedeel (vgl. die aangrypende slot waar die besef reeds buitebewussynlik in die *kind* ingelê word).

Daar is 'n paar ander verhale, boereverhale en boertige verhale, wat miskien as kortverhale die suiwerste indruk maak, t.w. die baie skrynende *Doodgeld* (wat tog nog meer kompak en 'n meer funksioneel-geïntegreerde geheel geword het) met die dakkamer-agterplaas-kontras hier in die vorm van die „sublime et grotesque” ingelê; ook die juwelige *Dag van die kasteroliebottel*; en, minder geslaag omrede groter opsetlikheid, *Die bed* (waar 'direct statement' 'n mooi indruk belemmer). Dit skyn of Rabie fynere kuns lewer wanneer hy dit uit die lewe doen, en nie uit die filosofie nie; wanneer hy werk met mense, minder met vooropstellungen, simbole, gedagtes. Waar hy laasgenoemde, soos in *Een-entwintig*, in die poëme-en-prose gebruik, is dit treffend; in 'n kortverhaal is dit nie oral gerade nie; waar simboliese en werklike verenig word, soos in *Op die berg*, ontstaan 'n sintese wat aangrypend kan wees.

Uiteindelik is daar twee verhale met „Suid-Afrikaanse” temas — die kleurprobleem. *Jaffie leer* bevat skrynende momente, maar is danig opsetlik van konstruksie en kan — soos Paton in *Cry, the beloved country* — nie tot ware verkunsting kom nie; *Wit op swart* is moontlik die onbevredigendste verhaal in die bundel, gans te opsetlik vertel. Verhale oor dieselfde onderwerp in *Een-entwintig* is veel, veel suiwerder.

Die bundel in sy geheel is alleens 'n aanwinst vir ons kortverhaalliteratuur, ondanks opsetlikhede en 'n geneigdheid tot vooropgestelde simboliek of die keuse van filosofie bó verhaal. Ek wil nog glo dat Rabie onder die heel nuwe prosaïste in ons taal 'n aanvoeling en 'n slág met die fynste nuanseringe van taalgebruik en segging het wat eintlik net in die poësie 'n gelyke vind.

As die verhale in *Dakkamer en agterplaas* minder ontstellend nuut is as in die eerste bundel, is daar juis in die groter besadigdheid die moontlikheid vir groter en verdere ontwikkeling, omdat dit dikwels dieper gaan en nader aan die essensieel menslike kom.

ANDRÉ P. BRINK

JAN BOUWS: SUID-AFRIKAANSE KOMPONISTE VAN VANDAG EN GISTER. A. A. Balkema, Kaapstad, 1957, 93 bl., 12/6.

„Toen professor Huizinga in 1918 zijn *Mensch en Menigte in Amerika* schreef en de New York Times commentarieerde „The best book on Americans ever written” was de schrijver nog nooit in de Verenigde Staten geweest.

„Iets dergelijks heeft thans de 55-jarige Amsterdammer Jan Bouws gepresteerd in zijn vele geschriften over muziek in Zuid-Afrika. Zo hoog staat hij hier te lande aangeschreven als kenner en bevorderaar van ons muziekleven, dat de „Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge” hem heeft uitgenodigd per vliegtuig naar de Unie te komen om het congres over volksmuziek in Stellenbosch bij te wonen van 1 tot 4 Oktober en zelf als spreker

op te treden. Zo bezocht Jan Bouws thans voor de eerste maal zijn geliefd Zuid-Afrika. Hij geeft er lezingen, behalve in Stellenbosch ook in Potchefstroom, Johannesburg en Pretoria, en hij spreekt ook verschillende malen voor de radio, zodat er weinig lezers zullen zijn die

hem dezer dagen niet althans hebben gehoord. Toch moet men Jan Bouws persoonlijk kennen om deze bescheiden idealist in zijn enorme betekenis voor muzieklevens naar waarde te kunnen schatten." *Ned. Post*, Oktober 1957, bl. 21.

Boekaankondiging

AFRIKAANSE PERS-BOEK-
HANDEL, Joubertstraat 76,
Johannesburg:

W. A. de Klerk: *Poens Dl. 1:*
Die Penkoppie, 1957, 281 bl.,
12/6; vir die ryper jeug.

C. R. de W. van Wyk: *Die*
Swerwerhond, 1957, 98 bl.

A. A. BALKEMA, Unie-huis,
Koningin Viktoriastraat, Kaap-
stad:

John Howland Beaumont:
Pocms, 1957, 64 bl., 12/6.

Jan Bouws: *Suid-Afrikaanse*
Komponiste van Vandag en
Gister, 1957, 93 bl., 12/6.

Dr. E. H. Gombrich: *Kuns deur*
die eeue, 1958, 452 bl., 42/-;
Dis 'n Afrikaanse vertaling
van Gombrich se bekende
Story of Art wat o.a. reeds
in Duits, Engels, Nederlands
en Noors verskyn het en be-
groet is as die omvattendste
inleiding tot die kunsgeskien-
denis; elke kunswerk wat be-
spreek word, word in die
boek gereproduseer.

G. Miller & Howard Sergeant:
Critical Survey of South
African Poetry in English,
1957, 176 bl.

Dagregister gehouden by den
Oppecoopman Jan Antho-
nisz van Riebeeck, Dl. III,
1659-1662; teksversorging en
taalkundige aantekeninge
deur dr. D. B. Bosman; ge-
skiedkundige aantekeninge
deur dr. H. B. Thom; 1957,
584 bl.

Antoine de Saint-Exupéry: *Die*
Klein Prinsie, vertaling uit
Frans, geïllustreer deur die
skrywer, 1957, 77 bl., 12/6.

Albert Schweitzer: *Uit My*
Jongdae, uit die Duits ver-
taal deur Hymne en Detlev
Weiss, 1957, 57 bl.

NASIONALE BOEKHANDEL
BPK., Kaapstad-Bloemfontein-
Johannesburg:

Audrey Blignault: *Die Vrolike*
Lied, 1957, 153 bl., 15/-; 'n
bundel essays.

M.E.R., Ina Rousseau, Eliza-
beth Eybers, Henriëtte
Grové: *Kwartet*, 1957, 186
bl., 13/3; 12 kortverhale.

I. D. du Plessis: *Versamelde*
Verse, 1957, 136 bl., 16/6;
versameling van 13 bundels.

H. J. Vermaas: *Die Swartwit-*
pens, 1957, 118 bl., 13/3;
jagverhaal.

TAFELBERG - UITGEWERS,
Waalstraat, Kaapstad:

F. A. Venter: *Die Geheim van*
die Berg, 1958, 128 bl., 10/-;
jeugverhaal.

N. V. UITGEWERS - MAAT-
SCHAPPIJ W. E. TJEENK

WILLINK, Zwolle, Nederland:
De Jeesste van Walewein en het
Schaakbord van Penninc en
Pieter Vostaert, Ingeleid
door Dr. G. A. van Es; Dl. I,
Zwolle Herdrukken 26a,
1957, bl. 1-331, F.10 ing.; Dl.
II, Zwolle Herdrukken 26b,
1957, bl. 337-637; F.9 ing.

Gerard Brom: *Vyf Studies*,
1957; Zwolse reeks van taal-
en letterkundige studies nr.
7, 320 bl.; ing. F.8.90, geb.
F.11.40 (Het Wilhelmus,
Wolff en Deken en de Katho-
lieken, Bybel en romantiek,
De dominee in onze litera-
tuur, De roem van Gezelle).

L. C. Michels: *Filologische Op-*
stellen, Dl. I, 1957, Zwolse
reeks van taal- en letterkun-
dige studies nr. 2, 246 bl.,
ing. F.7.50, geb. F.10.

De Middelnederlandse Verta-
linge van het Stabat Mater,
ingeleid door P. Maximilianus,
1957, Zwolse drukken en
herdrukken nr. 18, 159 bl.;
ing. F.5.25.

DIE SUID-AFRIKAANSE AKA-
DEMIE VIR WETENSKAP
EN KUNS: *Keurlys van Afri-*
kaanse Boeke verskyn in 1956.
Boeke geskik vir voorskryf op
skool, word met 'n sterretjie
aangedui.

VERSE

Eybers, Elisabeth: *Die Helder*
Halfjaar: Constantia.

- Louw, W. E. G.: *Bybels en Babels*: N.B.
 Opperman, D. J.: *Blom en Baai-erd*: N.B.
 Van Heerden, Ernst: *Koraal van die Dood*: Balkema.
 Mocke, S. I.: *Die Koue Tye*: A.P.B.
- DRAMA
- *Krige, Uys: *Die Goue Kring*: Balkema.
 *Beukes, Gerh. J.: *Vrekiesing Sonder Politiek*: Van Schaik.
 *Eiternal: *So Praat die Ou Rivier*: N.B.
 *Malherbe, D. F.: *Fariseër*: N.B.
 *Louw, N. P. van Wyk: *Germanicus*: N.B.
 *Opperman, D. J.: *Vergelegen*: N.B.
 *Malherbe, D. F.: *Rooiland*: A.P.B.
- PROSA
- (a) *Romans*
- *De Klerk, W. A.: *Agtien Man en 'n Meisiekind*: N.B.
 Mikro: *Die Eensame Wag*: A.P.B.
 *Franz, G. H.: *Kobus*: N.B.
 *Franz, G. H.: *Dillo*: A.P.B.
 *Louw, A.: *Die Onverdeelde Uur*: N.B.
 Vermaas, H. J.: *Die Reus van Doringberg*: N.B.
 Muller, Elise: *Van Eensame Mense*: Balkema.
- (b) *Kort Prosa*
- Rabic, J. S.: *Een-en-Twintig*: Balkema.
- *Franz, G. H.: *Mooi Loop*: A.P.B.
 Muller, Elise: *Vrou op die Skuit*: Balkema.
 Louw, N. P. van Wyk: *Die Mens Agter die Boek*: N.B.
 Louw, N. P. van Wyk: *Maskers van die Erns*: A.P.B.
 *Langenhoven, C. J.: *Essays*: N.B.
 *Bouwer, Alba: *Nuwe Stories van Rivierplaas*: N.B.
 *Blignaut, A.: *In Klein Maat*: N.B.
 *Weiss, H.: *Die Towertapyt*: Universiteitsuitgewers, Bus 29, Stellenbosch.
 *Boerneef: *Teen die Helling*: N.B.
 *Jonker, Abr. H.: *Die Tien Beste*: Culemborg, Langstraat 58, Kaapstad.
 De Villiers, C. G. S.: *Klein Vaderland*: Balkema.
 *Van den Heever, C. M.: *Beelde in die Stroom*: A.P.B.
- STUDIES OOR LITERATUUR
- Lategan, F. V.: *Die Kortverhaal en sy Ontwikkeling in Afrikaans*: N.B.
 Nienaber, C. J. M.: *Die Taal as Talk*: Natsale Universiteitspers, Pietermaritzburg.
 (Van Schaik: J. L. van Schaik, Bpk., Bus 724, Pretoria: N.B.; Nasionale Boekhandel Bpk., Bus 119, Parow, K.P. of Bus 9898, Johannesburg: A.P.B.; Afrikaanse Pers Bpk., Bus 845, Johannesburg: Balkema: A. A. Balkema, Unie-huis, Koningin Victoriastreet, Kaapstad: Constantia: Constantia-boekhandel, Bus 7753, Johannesburg.)

DIE ROMAN

Weleer stilde de roman de honger van het lezend publiek naar de heros, de held, in wiens leven het goede ten slotten moest zegevieren en het kwade, dat hij bestreed of waaronder hij leed, het onderspit moest delven.

In vele moderne romans is de hoofdpersoon geen held meer, maar een abnormaal persoon van wiens innerlijk een verfijnde, nevelige psychologische analyse wordt gegeven.

Als de roman zich in dié richting blijft ontwikkelen, bestaat er een groot gevaar dat het lezend publiek de schrijver in zijn psychologische uiteenzettingen niet meer wenst te volgen. Zou de romanschrijver blind zijn voor de houding van het publiek, dan zou hij vandaag of morgen ervaren, dat zijn romans onverkoopbaar zijn.

—*Neerlandia*, Nov./Des. 1957, bl. 71.

Kongres van Afrikaanse Skrywers

Die Hoofbestuur van die Afrikaanse Skrywerskring kondig aan dat 'n kongres van sy lede en belangstellende skrywers en ander oor die hele land gehou sal word in die PRETORIUS-SAAL, Pretoria, van 8 tot 10 April 1958.

Kongresgangers sal hulle aandag bestee aan: *Die Kunstenaar en die Samelewing*.

PROGRAM

Dinsdagaand, 8 April: Openbare verwelkoming en redevowering deur Syed, die Administrateur van Transvaal, dr. Wm. Nicol.

Woensdag, 9 April: *Voormiddag*: Openingsrede deur die Voorzitter. Ander voordragte en besprekings.

Onthaal: Syed, die burgemeester en stadsraad van Pretoria.

Namiddag: Voordragte en besprekings.

Aand: Openbare byeenkoms word toegesprek deur die Sekretaris van Onderwys, Kuns en Wetenskap, mnr. J. Op 't Hof.

Donderdag, 10 April: *Voormiddag*: Voordragte en besprekings. *Namiddag*: Samevatting en afsluiting. Gesellige byeenkoms: Syed, die Administrateur van Transvaal, dr. Wm. Nicol.

Sodra as die volledige program beskikbaar is, word dit bekend gemaak in die pers en gestuur aan die lede van die Skrywerskring.

Die Hoofbestuur doen 'n beroep op sy lede en ander belangstellendes om die kongres te besoek.

Voornemende kongresgangers wat nie in Pretoria woonagtig is nie en huisvesting verlang, moet hulle sonder versuim rig tot mnr. J. J. Brits, Posbus 1265, Pretoria.

UNTERGANG DES ABENDLANDES

Het begin er, zegt men, op te lijken, dat Oswald Spengler, de Duitse denker, die een paar jaar na de eerste wereldoorlog de ondergang van het Europese geestesleven voorspelde, gelijk krijgt. Doch als dit zo zijn zal, dan is het geen noodlot, maar een ondergang, die in verblindings nagestreefd wordt. Wat wij beleven is de zelfmoord van de blanke, die de geestelijke goederen, hom geschonken, zich onwaardig toont.

—Dr. J. Schouten, *Neerlandia*, Nov./Des. 1957, bl. 65.

NEDERLANDS IN BELGIË

Volgens de jongste publicatie van de Stichting Lodewijk de Raet blijkt uit een onderzoek onder Belgische recruten dat thans 60% van het jongere geslacht in België Nederlands spreekt tegen slechts 40% Frans. Cijfers, die dus vrijwel overeenkomen met de verhouding Afrikaans-Engels in de Unie.

—*Ned. Post*, Nov. 1957, bl. 19.

Skrywersaangeleenthede

Die 29ste jaarkongres van die internasionale P.E.N. is van 2 tot 6 September verlede jaar in Tokio gehou. Dit was die eerste P.E.N.-kongres wat ooit in Asië gehou is. Ongeveer 30 afgevaardigdes van 30 sentrums het die kongres bygewoon. Die tema was: „The reciprocal influences of the Literatures of the East and the West on writers of the Present Day, both in regard to Aesthetic Values and to Ways of Living.”

UNESCO het, onder meer, ook 'n simposium oor hierdie tema amptelik gereël. Die sosiale aspek van die kongres is nie verontagsaam nie. Onder die vooraanstaande skrywers en P.E.N.-lede wat aan die verrigtinge en die simposium deelgeneem het,

was: Helmuth von Glasenapp (Duitsland), Jean Guehenno (Frankryk), Alberto Moravia (Italië), John Steinbeck (V.S.A.) en Angus Wilson (Engeland), benevens verteenwoordigers van die Ooste uit Japan, Egipte, Indië, Pakistan, Sjina en Korea.

* * *

Die Afrikaanse Skrywerskring het 'n uitnodiging ontvang van die *Polski Klub Literacki* (P.E.N.) na die volgende internasionale P.E.N.-kongres wat van 2 tot 8 Julie 1958 in Warskou gehou word. Die president van die Poolse Skrywersvereniging, Jan Parandowski, versoek dat verteenwoordigers gestuur word. Nadere inligting en 'n volledige program sal later beskikbaar wees.

NAAM VAN DIE KINDJIE?

Onder de cultuuruitingen van de mens van heden — en in het bijzonder doelen we dan op de hedendaagse romans, die we in ons werk bij honderden moesten ter hand nemen — vonden we wel zeer duidelijk de tekenen van de menselijke ontsporing terug. Op brutale, weerzinwekkende wijze menen vele schrijvers hun scheppend vermogen te moeten uitleven in het schilderen van maatschappelijke mestvaalten, achterbuurten, havenkroegen, bordelen en slaapkamers. Men geeft zich daarbij niet meer de moeite om in elk geval voor een lelijk ding nog een goede naam te zoeken, maar men noemt zonder blikken of blozen het kind bij de naam en dan liefst nog zo platvloers mogelijk.

—*Neerlandia*, Nov./Des. 1957, bl. 66.

A.P.B.

OM EENDAG RUSTIG
AGTEROOR
TE KAN SIT



VERSEKERING
DEUR

SANLAM

DIE GROOT AFRIKAANSE
LEWENSVERSEKERINGSMAATSKAPPY

VZ 1289-2a

'n Mylpaal vir die Afrikaanse Taal

DIE VERKLARENDE WOORDEBOEK

deur

dr. H. J. Terblanche en C. Lombard

U ken reeds die Nuwe Praktiese Woordeboek van dr. H. J. Terblanche. Nou het dr. Terblanche met behulp van mnr. C. Lombard 'n Verklarende Woordeboek opgestel wat onmisbaar is vir elkeen wat Afrikaans gereeld gebruik.

DIE VERKLARENDE WOORDEBOEK

- ★ bevat meer as 35,000 Afrikaanse woorde en uitdrukkinge;
- ★ begin by A en eindig by Zwingliaan;
- ★ spits hom toe op die aktuele taalmateriaal van die algemene praktyk;
- ★ is bedoel vir die gewone man wat sy taal korrek wil gebruik;
- ★ volg die amptelike spelling van die S.A. Akademie;
- ★ gee die korrekte uitspraak van woorde aan;
- ★ is geset in 'n duidelike, leesbare lettertipe en is stewig gebind vir jarelange hantering.

PRYS: £2/6/6 POSVRY

AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL

**Joubertstraat 76
JOHANNESBURG**

**Kerkstraat 3
KAAPSTAD**